# ‘N NUWE GESLAG BEDIENAARS

ONS LEWENSWAARDES ONDER DIE SOEKLIG

CHRISTO NEL

## INLEIDEND

Dwarsoor die wêreld is die Here op ten minste twee maniere besig met mense.  Die eerste druppels van die "laat reëns" is besig om te val  In lande soos Kommunistiese China, Suid Amerika en Noord Afrika is daar werklik herlewing in die volle sin van die woord aan die gang vir bykans drie jaar reeds.

Maar dan is die Here ook op 'n baie besondere wyse met Sy Kerk wêreldwyd besig.  Dit is asof die Here werklik besig is om Sy bruid te heilig en gereed te maak vir die oestyd wat voor die deur lê.  Immers, as hierdie herlewing werklik vir die eerste keer in die geskiedenis 'n volskaalse wêreldwye herlewing word, moet die Kerk gereed wees om die Goeie Nuus van die Evangelie met woord en lewe uit te dra, maar ook gereed wees om pasgebore babas in die geloof te ontvang en te begelei in hulle verdere groei.

Dit maak die tyd wat ons tans beleef 'n tyd van voorbereiding vir die Kerk van Jesus.  En dus ook 'n tyd van selfondersoek.

Mag die Here deur Sy Gees met jou deur hierdie skrywes wat volg self met jou besig raak.

Maar om jou te help om die inhoud daarvan werklik jou eie te maak, word is daar in die BYLAAG materiaal aan jou gegee wat gebruik kan word vir 'n selgroep-bespreking en vir persoonlike stil-word-tye met God om elkeen van die hoofstukke se belangrikste lering vas te maak in gelowiges se lewens.

Ek sou dus graag wou aanbeveel dat elke week se lering opgevolg word deur persoonlike studie en 'n selbyeenkoms-bespreking oor daardie betrokke materiaal van die week.

Die skrywer,

Christo Nel.

Posbus 3114

Somerset-Wes

7129

Tel 021-8510003

Sel 0827702397

E-pos:   nchristo@lantic.net

Inleidend ..... 2

HOOFSTUK 1 WAT GEE MY LEWE BETEKENIS? ..... 4

HOOFSTUK 2 MAAK MY LEWE WERKLIK ‘N VERSKIL? ..... 8

HOOFSTUK 3 WEERSPIEËL ONS LEWE ONS HART? ..... 13

HOOFSTUK 4 KIND MAAR NOG STEEDS KNEG! ..... 16

HOOFSTUK 5 OM ANDER TE DIEN MAAK DIE VERSKIL ..... 20

HOOFSTUK 6 IN SY VOETSPORE ..... 24

HOOFSTUK 7 EERS “IEMAND” TOE “NIEMAND” ..... 28

HOOFSTUK 8 NA ‘N DRAAI IN NIEMANDSLAND KAN GOD ONS GEBRUIK ..... 33

HOOFSTUK 9 GOD IS BESIG OM ‘N NUWE GESLAG BEDIENAARS OP TE RIG ..... 38

HOOFSTUK 10 SEGULLAH-MENSE ..... 42

BYLAAG ..... 46

SELBYEENKOMS NO 1 ..... 46

SELBYEENKOMS NO 2 ..... 49

SELBYEENKOMS NO 3 ..... 52

SELBYEENKOMS NR. 4 ..... 55

SELBYEENKOMS NO 5 ..... 59

SELBYEENKOMS NO 6. ..... 63

SELBYEENKOMS NO 7 ..... 67

SELBYEENKOMS NO. 8 ..... 71

SELBYEENKOMS NR 9 ..... 75

SELBYEENKOMS NR 10 ..... 80

# HOOFSTUK 1   WAT GEE MY LEWE BETEKENIS?

‘n Bekende Chinese spreekwoord lui: Moet nooit ‘n vis vra hoe die water is nie! Visse dink nooit oor water nie. Hulle is te besig om daarin te swem.  Al wat vir ‘n vis belangrik is, kos, reproduksie, en oorlewing.  Dit is eintlik ironies.  Hulle hele lewe is afhanklik van water rondom hulle, maar hulle dink nooit daaroor nie.

‘n Advertensie in ‘n tydskrif toon ‘n motor wat met die hoofpad verby ‘n kennisgewingbord langs die pad ry wat sê: Jy ry elke dag dieselfde pad, nè!

Soms is ons so besig om te lewe, om dinge te doen, dat ons nooit tyd maak om ‘n bietjie na te dink oor die lewe self en oor vrae soos: Waarom is ek hier?  Wat gee sin aan my lewe? nie.

Selfs as Christene is ons soms so besig om te lewe en partykeer net te oorleef.  Hardloop ons van een byeenkoms na ‘n ander, van een Bybelstudie na ‘n ander, en is tog so besig-besig!

Daar is soms so baie om te doen, en so min tyd. Is ons hiermee besig, voel ons skuldig dat ons nie daar is nie. Is ons daarmee besig, voel ons skuldig dat ons nie hier is nie.  Ons beleef later dat ons feitelik altyd net skuldig voel.

Tog bly ons net aanmekaar hardloop.

Miskien het dit nodig geword dat ons net ‘n slaggie weer gaan stilstaan om te dink ... oor waaroor die lewe nou eintlik gaan... oor wat werklik betekenis aan ‘n mens se lewe gee.

Lyk vir my ‘n mens kan mense in twee breë groepe verdeel: Vir sommige mense kan die lewe net nooit genoeg van alles gee nie.  Daarom voel hulle meestal gefrustreerd of ongelukkig oor die lewe.

Vir die ander is die lewe net maanskyn en rose.  Dit lyk altyd asof alles so glad-glad verloop in hulle lewens.

Min van ons pas presies in een van die twee groepe.  Ons is meestal so ‘n mengsel van albei.  Ongeag waar jy presies jouself sal plaas, sal jy waarskynlik moet erken dat jy baie min tyd spandeer om werklik oor die lewe as sulks na te dink.

Daarom nooi ek jou uit om in die weke wat kom so ‘n bietjie saam met my in die lig van die Woord na te dink oor ons lewe.

## ONS LEWE AS KINDERS VAN ADAM

Dit het die “in-ding” deesdae geword om te sê jy is besig om terug te keer na jou “roots”!  Nou, kom ons gaan krap ‘n bietjie in ons “roots” rond.  Terug tot daar by ons groot-grootoupa, Adam.

Daar in die begin het God vir Adam gesê: Adam, jou verhouding met My gee jou lewe betekenis.  Daar is nie nog ‘n skepsel op aarde wat soos jy die vermoë het om met My ‘n liefdesverhouding te hê nie.

Natuurlik het dit Adam voor ‘n lewenskeuse geplaas.  Hy kon sin en betekenis vir sy lewe vind in ‘n verhouding met God elke dag of nie.  En uit sy eie keuse besluit hy om hierdie verhouding met God te ignoreer.  Die gevolge ken jy: al wat daarna vir Adam oorgebly het was ‘n lewe wat net om homself

gedraai het. Waar daar net plek was vir Adam en niemand anders nie. Daarom moes Adam iets nuut soek om sy lewe te laat sin maak.

En daarom begin Adam en sy nasate presteer, dinge doen. Mens begin om aan hulle lewe sin en betekenis te gee deur dit wat hulle regkry, en deur dit wat ander rondom hom dan dink omdat hulle dit reggekry het.

Man, ons is kinders van Adam tot in die murg van ons bene, want dit is presies hoe ons ook doen!

Robert McGee skryf: Ons baseer ons gevoel van selfwaarde op ons prestasies. Dit maak dat ons so minderwaardig oor ons self voel omdat die meeste van ons so baie keer al in ons lewe misluk het.

As 'n mens sy selfwaarde baseer op die kwaliteit van sy prestasies, sal jou prestasies bepaal hoe jou oor jouself voel. Elke keer as jy swak presteer, sal jy dus net minder van jouself dink. As jy skynbaar geen indruk maak met jou prestasies nie, voel jy maar jy misluk as mens.

Die meeste mense kies dan vir hulleself 'n bepaalde area in hulle lewe waarin hulle wil presteer. En hulle kies sekere mense om met hulle prestasies te beïndruk. Dit kan bv ouers wees, of 'n werkgewer, of 'n paar geselekteerde vriende.

Dit kan wees dat jy as Christen ook vasgevang is in hierdie "Sukses-sindroom" en toelaat dat dit selfs jou deel-wees van die gemeente in die lig hiervan beoordeel. Sodat jy, omdat jy nie altyd kan wees waar jy voel jy moet wees nie, en nie altyd kan doen wat jy voel jy moet doen nie, voel jy misluk as Christen, voel jy is net nie 'n goeie gelowige nie.

'n Ander kenmerk van kind van Adam-wees, is dat almal van hulle moet dood gaan. En as ons doodgaan sonder dat ons dan enigiets besonders reggekry het in die lewe, voel ons ons lewe was nie die moeite werd nie. En niemand van ons wil dit laat gebeur nie. Daarom dryf daardie vrees mense of om werkalkoholiste te word, of om alkoholiste te word.

KOM ONS SOM OP TOT HIER ...

As kinders van Adam worstel ons almal met die vraag na betekenis en sin in ons lewe.

Die manier hoe ons probeer om betekenis aan ons lewe te gee is deur

1. Prestasies van die een of ander aard
2. En hoe ons en ander oor ons prestasies voel.

Is daar 'n ander uitweg uit hierdie dilemma? Ja, daar is. Deur weer terug te keer na die liefdesverhouding wat daar eens was tussen God en mens.

LEWE DIE LEWE AS KINDERS VAN GOD

Ons sal altyd kinders van Adam bly. Dit sal nooit verander nie. Aangesien ons natuurlike vader altyd Adam is, word ons nie gebore as kinders van God nie. As ons kinders van God wil word, kan dit net gebeur as God as Vader ons as sy kinders aanneem. Rom. 8:15 sê dat ons as Christene nie meer die gesindheid van 'n slaaf teenoor God hoef te hê nie, maar dat ons aangenome kind van God geword het wat vir God "Vader",

“Pappa”, mag sê. Gal. 4:5 beklemtoon hierdie waarheid as daar staan dat Christus ons losgekoop het van ‘n wettiese dien van God, sodat ons nou aangenome kinders van God kan wees.

Om aangeneem te word moet daar sekere vereistes nagekom word, en dan moet ‘n kontrak vir aanneming onderteken word. Beide die twee voorvereistes kan net deur die ouer wat van plan is om die kind aan te neem, gedoen word. Die kind self kan niks hieraan doen nie.

Die boodskap van die kruis van Jesus is juis dat al die vereistes om so ‘n aanneming moontlik te maak daar nagekom is. Hy het die prys betaal. Hy het ons trotse en rebelse natuur op Hom geneem en die volle straf daarvoor namens ons gedra.

As daar een ding is wat jou vertel van hoe graag God jou wou aanneem as kind, is dit die kruis. As jy die erns van God wil sien, kyk maar net na Jesus se lyding!

WAT IS DIE VEREISTES VIR KIND-WEES?

Volgens Joh. 1:12 is elkeen wat in Jesus glo, wat Hom aangeneem het as Here en Verlosser, verseker van hulle kindskap. En ons aangenome-kind-wees is vir ewig. Die nuwe lewe wat God die Vader vir sy aangenome kinders gee is ‘n ewige lewe. Met ander woorde, nie eers die dood kan dit beëindig nie.

DIE REGTE VAN ‘N AANGENOME KIND

Wanneer ‘n kind aangeneem word, kan die kontrak net onderteken word deur die ouer wat die kind aanneem - en nie die kind nie! Dan gee daardie ondergetekende vorms sekere regte aan daardie kind. Kom ons kyk ‘n bietjie daarna:

1. Die aanneemouer kan nooit weer daardie kind van sy kindskap ontneem nie, ongeag wat daardie kind in die toekoms mag doen.
2. Die naam van die aanneemouer word die naam van die kind.
3. Die aangenome kind geniet nou die liefde, die lewenstyl, en fisiese besittings van sy nuwe ouers.
4. Die kind sal voortaan altyd deur sy nuwe ouer beskerm word.
5. Die kind sal in alle omstandighede deur sy nuwe ouer versorg word, en word selfs erfgenaam van alles wat aan sy nuwe ouer behoort.

WAT MAAK ‘N CHRISTEN SE LEWE BETEKENISVOL?

Wanneer God in ‘n nuwe liefdesverhouding met ons as sy kind in Christus treë, het ons prestasies niks te make met ons aanneming nie. Ons status en sekerheid as aangenome kinders van God die Vader is nie die gevolg van ons prestasies nie. Dit is die resultaat van wat ons geword het: ons is Sy aangenome kinders.

Dit maak my lewe betekenisvol.

Toe God ons in Christus aangeneem het, het Hy ons vir altyd verlos van die noodsaak dat ons nodig het om iets te doen om ‘n betekenisvolle lewe te leef.

Kom ons illustreer dit prakties: Maria en Jan het ‘n babadogter aangeneem. Hulle maak hulle hele huis gereed vir haar aankoms. Hulle sit ‘n babawiegie in die kinderkamer en koop vir haar nuwe klere.

Daardie baba is die kosbaarste wat hulle het, al kan daardie baba nie klere was of A kry op skool nie. Want sy is hulle dogter.

Presies dieselfde het waar geword toe ons kinders van God geword het. Ons verhouding met Hom is die enigste ding wat ons lewe betekenisvol maak ... niks meer nie!

HOE DINK JY OOR DIE LEWE?

Is jy nog vasgevang in die “sukses-sindroom? ten spyte van die feit dat jy Christen geword het? Miskien voel jy dat jy nie genoeg gedoen het om Sy liefde te verdien nie.

Maar dit is natuurlik vals om so te dink en maar net tekenend van die probleem. Jy moet leer om jouself te aanvaar as iemand wat ‘n verskil maak net omdat jy God se aangenome kind is.

Natuurlik gaan daar dae kom wat jy ‘n reusagtige mislukking van dinge gaan maak. Maar niemand is altyd perfek nie. Ons is nie eers altyd in staat om ons beste te lewer nie. En ons kan dit erken sonder om nou in sak en as daaroor te gaan sit, as ons besef ons betekenis as mens is nie geleë in ons prestasies nie, maar in ons verhouding met ons Vader.

Hoe hanteer ‘n mens dan sukses? Het jy eers mense se waardering nodig om vir jou te laat voel dit was alles die moeite werd? As dit so is, leun jou selfrespek en selfwaarde nog heeltemal e veel op ander en is jy vasgevang in die resies opsoek na nog meer sukses. Natuurlik is mense se waardering lekker om te ontvang, maar help jouself om balans te midde sukses te kry in die wete dat sukses nie is waarom dit gaan nie, maar dat jy dit kon doen as kind van God.

Met hierdie ingesteldheid trek ons nie kleinkoppie om nie ons kant in die lewe te bring nie. Inteendeel, dit beteken dat jy vir die eerste keer in jou lewe vry is om jou beste te kan doen. Sonder die druk om altyd die beste te probeer wees. Dan kan jy aanvaar dit wat jy nie oor jouself kan verander nie, omdat jy weet dat God jou aanvaar het soos jy is.

Jesus het belowe dat Hy jou LEWE sal gee. En die eerste belangrike ding oor hierdie nuwe lewe is, dat jou waarde as mens lê in wie jy is en nie in wat jy doen nie. Dit is die LEWE wat Jesus vir jou gegee het.

Welkom tot hierdie nuwe LEWE, vriend. God het jou aangeneem, en jy is vir altyd Syne. Niks wat jy doen of nie doen nie, kan dit verander nie. Geniet jou nuwe lewe as kind van God. Dit is God se bedoeling vir jou.

# HOOFSTUK 2 MAAK MY LEWE WERKLIK 'N VERSKIL?

Lees 2 Pet. 3:9; Luk. 12:42 en Jes. 61:1-4.

Om 'n merk in hierdie wêreld te maak, hoef ek nie altyd die beste te wees nie. Ek maak my merk in hierdie lewe deur net aangenome kind van God te wees. My lewe is 'n sukses net omdat ek God se kind is. En dit maak 'n mens vry om te lewe!

## GELOOF IN DIE VADER IS DIE BEGIN VAN 'N NUWE LEWENSTYL!

Dink saam met my aan 'n dogtertjie wat bo-op 'n muur staan. Haar pa nooi haar uit om tot in sy arms te spring. Maar om te spring moet sy glo haar pa gaan sy woord hou en haar vang as sy spring. Geloof is om te spring omdat sy weet haar pa gaan doen wat hy gesê het voor sy spring. Sy spring omdat sy haar pa vertrou.

Ons weet dat ons God se aangenome kinders is, net omdat ons weet God kom sy beloftes na. Ons het maar net 'n tree in die geloof op grond daarvan gegee.

Voordat ons nie 'n tree in die geloof geneem het nie, glo ons nog nie ... en sodra ons daardie tree gegee het, het ons al die geloof wat daar is. Al wat verder kan gebeur is dat ons geloof sterker kan word deurdat ons leer om in meer en meer situasies God op sy Woord te neem en op grond daarvan geloofstreë te begin gee, sodat God sy beloftes aan ons kan nakom.

Toe jy God op sy woord geneem het en in Jesus geglo het, het Hy jou sy aangenome kind gemaak en daarmee vir jou 'n nuwe lewe gegee. Hierdie nuwe lewe is soos 'n nuwe woonplek wat Hy vir jou gegee het.

Voor die tyd was jy as nasaat van Adam een van die duisende "bergies" op die straat. Wat geleef het uit alles wat julle op die asgate van die wêreld optel. Dit was niks anders as 'n stryd om oorlewing waar net die sterkstes bo-uit gekom het. Ons moes presteer om te bly lewe.

As God se aangenome kinders neem Hy ons van die asgate na Sy paleis toe. Leef ons nou as mense met 'n hemelse Pa wat ook Koning van alle konings is wat vir ons sorg. Omdat ons kinders van die Koning van alle konings is, hoef ons nie meer te veg om oorlewing nie. Vir die eerste keer kan ons konsentreer op wat ons in staat is om te doen, eerder as om heeltyd te bewys dat ons iets beteken deur wat ons doen.

## NUWE LEWE

Om hierdie nuwe lewe te begin lewe noem Jesus om die Koninkryk van God binne te gaan.

Die Koninkryk van God is 'n term wat die Bybel gebruik om die plek te beskryf waar God as Koning en Here regeer. Ons het nou sy aangenome kinders geword. Dit beteken verder dat ons daarmee saam nou ambassadeur, bestuurder, administrateur van God se Koninkryk in hierdie wêreld geword het.

Ons sien dit in Skrifgedeeltes soos in Luk. 12:42, Luk. 16:1 e.v. en Tit. 1:7. Daar word die Griekse woord oikonomos gebruik wat die Strongs woordelys as "steward, governor, manager of a household or householdaffairs" beskryf, "to whom the head or proprietor has instructed the management of his affairs, the care of receipts and expenditures, and the duty of dealing out the proper portion to every servant and even to the children not yet of age."

Ek en jy moet namens God verantwoordelike uitdelers en besteders word van God se genade aan mense. Daarvoor het Hy aan ons die Evangelieboodskap gegee, maar ook sy Gees in ons wat aan ons bonatuurlike gawes gee om mense op die regte tyd met die regte porsies van hierdie genade te bedien.

As sy aangenome kinders wil God hê ons moet sy oikonomosse word.

Maar dit is ‘n geloofskeuse wat ons as aangenome kinders van God moet neem.

Ons moet besluit of ons gaan aanvaar dat ons Sy aangenome kinders is, en of dit sin en betekenis aan ons lewe gaan gee. Of ons kan as sy aangenome kinders maar steeds probeer om op die ou manier, soos tipiese “bergie”-nasate van Adam, te leef. Wat lewensin soek in wat jy elke dag suksesvol regkry.

Elke ouer wat ten minste twee kinders het, kan jou vertel hoe verskillend hulle die gesin beleef. Vir die een is dit ‘n vreugde om saam met die gesin dinge te doen. Terwyl die ander een net botweg weier. Beide geniet die voorreg om kinders te wees in hierdie ouerhuis, maar hulle houding teenoor hulle ouers is verskillend.

Verstaan mooi, alhoewel hulle houdings verskil, kanselleer dit nie hulle reg om kinders van daardie ouers te wees nie. Maar hulle gesindhede beïnvloed wel die wyse waarop hulle lewe in daardie huis, en hulle verhouding met hulle ouers.

Kom ek illustreer dit:

‘n Koning het twee aangenome seuns gehad. Kobus is werklik lief vir sy pa en respekteer hom. Hy aanvaar dat hy kind van die koning is en leef as koningskind elke dag.

‘n Mens sien dit ook in wat hy elke dag doen. Hy probeer nooit mense beïndruk deur wat hy doen nie, maar tog probeer hy ‘n verskil maak in mense se lewens. Daarom is niemand verbaas dat hy uitstaan tussen sy maats nie.

Hy weet hy is iemand besonders. Met ‘n koning as pa wat hy weet hom liefhet, het hy vry geword daarvan om mense heeltyd te probeer beïndruk.

Hy geniet dit om by sy vader te wees en dinge saam met hom te doen. Daar is werklik ‘n diep innige liefdesverhouding tussen hulle twee. En hierdie verhouding tussen hulle is eintlik die krag in sy lewe.

Die ander aangenome seun, Alfred, woon in dieselfde huis en het dieselfde geleenthede om hierdie diep, innige liefdesverhouding met sy pa te kan hê. Sy pa behandel hom presies soos vir sy broer. Maar Alfred het ‘n wil van sy eie. Hy voel dat hy sy eie pad in die lewe moet oopveg, en vir mense moet wys wie hy regtig is. Hy sal vir hulle wys dat hy iemand is met wie ‘n mens moet rekening hou. Hy weier om op sy pa se rug te kom waar hy wil kom.

Daarom het hy besluit hy sal self bo uit kom. Niemand sal iets beter as hy doen nie. In hierdie lewe is daar nie vir die tweede bestes plek nie. Daarom skaar hy hom by ‘n klein groepie vriende wat hy self met die hand uitgekies het, omdat hulle ook wenners is en hulle hom kan help vorentoe met wat hy graag wil behaal in die lewe.

Dit alles beïnvloed sy verhouding met sy pa geweldig. Hy sukkel om met sy pa te praat.

Moenie ‘n fout maak nie. Hy is lief vir sy pa, en hy sal enigiets doen om dit te bewys. As sy pa hom nodig het, sal hy enigiets doen om te help. Hy geniet selfs as hulle kort tydjies saam is. Maar as hy eerlik moet wees, moet hy erken dat dit algaande meer en meer ongemaklik word, want hy voel heeltyd skuldig. Sy pa se manier van doen, en waardes strook eenvoudig nie met syne nie.

Daarom verbaas dit ons nie as ons eendag vir Alfred vir sy meisie hoor sê dat sy pa tog nie moet dink omdat hy sy aangenome seun is, dat hy ook koning is in sy lewe nie. Hy sal lewe soos wat hy dink goed is. Toe sy boonop met hom saamstem, het hy sommer goed gevoel. Die menings van sy vriende het immers vir hom baie belangrik geword, selfs belangriker as dit van sy pa.

Alfred was van plan om soveel geld as moontlik in so kort 'n tyd moontlik te maak. Want, sê hy altyd, as jy nie na jouself kyk nie, sal niemand anders dit doen nie.

Eendag roep die koning sy twee aangenome seuns. En sê vir hulle:

"Kinders, ek besit meer as wat ons almal werklik nodig het of kan opgebruik. Eendag gaan dit in gelyke dele tussen julle verdeel word. Daarom lyk dit vir my dwaas dat julle al julle lewensjare moet gebruik om meer rykdom te vergader terwyl ek alreeds alles het wat julle sou nodig kry.

Ek wil aan julle 'n voorstel maak. Beide van julle is nasate van Adam, maar ek het julle aangeneem as my eie kinders. Julle woon nou al vir soveel jare hier in my paleis. Maar ek voel baie ongelukkig. Daar buite is daar nog soveel van Adam se nasate wat soos tipiese "bergies" honger ly, naak rondloop, en gevange is in dwelms en alkohol. Hulle voel hulle beteken in werklikheid niks in die lewe nie. Almal van hulle lei aan 'n gevoel van minderwaardigheid. Dit breek my hart om hulle so te sien. Soms lyk dit vir my dat al wat hulle regtig plesier verskaf is die dinge wat eindelik hulle lewens gaan kos.

My begeerte is om hulle almal ook aan te neem as my kinders, as hulle net my wil aanvaar as vader. En dit is waar julle twee nou in die prentjie kom.

Julle weet tog uit ervaring wat dit beteken om my kinders te wees. Gaan vertel vir hulle daarvan. Dit kan julle broers en susters se lewens verander. Gaan vertel vir soveel van hulle as moontlik dat ek hulle wil aanneem as my kinders.

Daarom my voorstel: Ek stel julle aan as die oikonomosse van alles wat ek het. Gebruik van alles wat ek het wat julle elke dag nodig het om te doen wat julle moet doen. Bly op enige dorp waar julle oor vrede het. Doen enige werk waaroor julle vrede het, solank julle gewillig is om konstant betrokke te wees om aan nasate van Adam te vertel oor ons verhouding met mekaar, en my begeerte om hulle ook my kinders te maak.

As julle my eie bloedfamilie en kinders was, sou dit nie 'n maklike taak gewees het nie. Mense sou julle woord in twyfel kon trek. Maar omdat julle nasate van Adam is, en nou my aangenome kinders is, sal hulle weet dat as ek julle kon aanneem, ek ook hulle kan aanneem.

Bring vir my mense wat gewillig is dat ek hulle aanneem. En onthou, alles wat myne is is tot julle beskikking terwyl julle hiermee besig is.

Die aantal mense wat julle aanbod gaan aanvaar of dit gaan verwerp is iets waaroor julle geen beheer het nie. Al wat julle moet doen is om hulle uit te nooi om aangeneem te word. Al wat ek vir julle vra is getrouheid in hierdie taak.

Julle is my kinders. Niks kan dit verander nie. Selfs al aanvaar julle of verwerp julle my aanbod, bly julle my kinders. Tog belowe ek aan julle 'n nuwe verhouding. Julle sal nie net my kinders wees nie, maar ook my bestuurders in hierdie wêreld. En dit sal julle lewe nog meer betekenis gee. So kan julle werklik as my kinders 'n verskil maak aan mense se lewens.

Gaan dink daaroor na en kom gee vir my jou persoonlike antwoord.

Die twee broers het die kamer verlaat. Beide het verstaan dat hierdie taak hulle hele lewe voortaan radikaal kan beïnvloed. Aan die anderkant het hulle besef dat dit baie selfsugtig sou wees om die lewe in hulle vader se paleis deur te bring as hulle sy aanbod sou weier.

Na ‘n paar uur, het Alfred met Kobus gaan gesels oor die hele aangeleentheid. Ons hoor hoe hy vir hom sê: “Dit is regtig ‘n baie moeilike saak vir my diè. Ek is lief vir Pa. Maar wat hy hier van my vra is om my hele lewe te verander. En ek is nie seker of ek daarvoor kans sien nie. Ek het immers planne van my eie. En dit sluit beslis nie in om so baie tyd te spandeer om ander uit te nooi om ook deur pa aangeneem te word nie.”

Waarop Kobus antwoord: “Ek dink weer so oor hierdie saak. Ons is die enigste twee kinders wat vader aangeneem het. As ons sy aanbod sou verwerp, beteken dit net dat daar niemand in ons vriendekring is wat hierdie uitnodiging aan mense kan rig nie. Dit beteken die werk net nie gedoen sal word nie. Dit gaan dus nie net vir my daaroor of ons doen wat pa begeer nie, maar ook of ons werklik begaan is oor wat met al daardie mense gaan gebeur wat nie van hierdie aanbod te hore gaan kom nie.

“Ek het pa so lief dat ek byna enigiets vir hom sal doen. Maar ek is bevrees dat ek nie sy empatie deel vir al daardie ander mense nie. Ek is eintlik skaam om dit te erken, maar ek dink ek is liewer vir hom as wat ek vir die ander nasate van Adam is.”

MET WATTER SEUN IDENTIFISEER JY DIE MAKLIKSTE?

Die eerste geloofstree wat ons in ons lewe geneem het was om God se aangenome kinders te word. Die tweede geloofstree hou verband met ons Hemelse Vader se versoek dat ons nie net sy kinders moet wees nie, maar ook moet optree as sy oioknomosse, sy administrateurs.

En dit gaan ons hele lewe vorentoe raak. Wat jy ook al in die lewe doen, om God se oikonomos te wees sal altyd deel daarvan wees.

Besef jy dat God hierdie taak vir elkeen van ons as sy aangenome kinders gegee het? Kom lees saam met my Mat. 28:18-20:

Dit is die basiese opdrag aan al God se kinders. Ons kan enige plek lewe, enige werk doen, wees wat ons ook al wil wees, solank ons na al die nasate van Adam gaan en vir hulle vertel van God se voorneme.

As jy kind van God is, kwalifiseer jy hiervoor. Hy wil hê dat jy die goeie nuus met ander moet deel dat Hy ook hulle as sy kinders wil aanneem.

Miskien het jy vanoggend dieselfde probleem as wat Kobus het nl dat jy net nie die mense rondom jou so lief het soos wat jy vir God het nie.

Dit maak dat die Kobusse onder ons gewoonlik op ander maniere God probeer dien. Hulle sing koor, of word studente van sy Woord, dien op allerlei komitees, en organiseer hulleself in taakgroepe om die een of ander projek vir die Here te organiseer. Maar hulle besef nie dat hulle met enige van hierdie dinge nog steeds kan aangaan, nadat hulle hulle belangrikste opdrag van die Vader nagekom het nie.

As jy egter Alfred se probleem het, het jy ‘n groter probleem. Want om as kind van God nog steeds met die oë van ‘n “bergie” en die waardes van ‘n bergie te lewe is soos om olie en water te meng. ‘n Lewe wat op hierdie basis gelewe word, is absoluut frustrerend.

Kom ons som op:

- Ons verhouding met die Vader is absoluut van niks afhanklik wat ons doen vir die Here nie.

- Omdat ons God se aangenome kinders is, kwalifiseer ons om sy administrateurs te wees.
- Om sy administrateur te wees, maak ons nie meer belangrik as mens nie ... maar dit weerspieël net iets van ons liefde vir Hom.

# HOOFSTUK 3 WEERSPIEËL ONS LEWE ONS HART?

In die twee weke wat verby is, het die Here die volgende twee Skrifwaarhede aan ons harte vasgemaak:

1. Sin en betekenis in my lewe is nie die resultaat van wat ek doen nie, maar wie ek is.

2. En omdat ek weet wie ek is, kan ek dan werklik 'n verskil maak aan die wêreld om my.

Kom ons vertel so 'n bietjie verder aan Alfred se storie ...

Laas het ons gehoor Alfred geniet dit om kind van die koning te wees sonder om werklik in pas te kom met die hart van sy vader-koning.

Soos Alfred, beleef baie Christene ook hierdie byna-burgeroorlog hier binne in hulleself. Aan die eenkant wil jy nog steeds die ou bergie-lewe as nasaat van Adam lewe, terwyl jou anderkant sê: Haai, wag 'n bietjie! Ek is aangenome koningskind! Hoe kan ek nog steeds doen wat ek doen en dink wat ek dink?

Nadat Alfred die saak deurgepraat het met sy meisie - wat julle sal onthou, nog steeds bergie en nasaat van Adam is - was hy oortuig hy moet doen soos hy goeddink.

Daarom hoor ons hom vir sy pa sê: Pa, ek wil hê u moet weet hoe ek alles waardeer het wat u vir my gedoen het sedert my aanneming. Maar u kop en my kop werk net verskillend. Ek het besluit om my eie potjie daarbuite te gaan krap. Daarom trek ek. Ek is lief vir u, maar vir my om werklik gelukkig te wees, moet daar 'n bietjie afstand tussen ons wees.

Na 'n lang stilte sê die pa: Jy is my seun. Niks wat jy ooit kan doen of sê kan dit ooit verander nie. Daarom sal ek myself nooit van jou onttrek nie. Jou kamer is altyd gereed vir jou as jy wil terugkom.

Waarop Alfred antwoord: Pa, net nog een ding: Pa het gesê dat ek en Kobus oikonomosse, administrateurs, moet word van alles wat aan pa behoort. Ek weet pa het dit aangebied as ons betrokke sou raak om die bergies daarbuite te vertel dat pa hulle ook wil aanneem. Maar sê vir my, sou pa my nog steeds aanstel as u oikonomos selfs al wil ek nie daardie voorwaarde nakom nie? Ek kry mos die helfte van wat aan u behoort na u dood. Dit sou my baie help om nou al my deel self te bestuur.

Sê vir my, as jy Alfred se pa was, sou jy sy versoek toegestaan het? Wetende dat hy met sy selfgesentreerdheid 'n groot gemors van sy lewe gaan maak.? Wel, hoor 'n bietjie wat die pa hom toe antwoord ...

Alfred, besef jy wat jy sê? Jy kies inderwaarheid om my te behandel asof ek reeds dood is!Maar nogtans gaan ek my prokureur skakel en reël dat die helfte van my besittings nou reeds aan jou gegee word .

As Alfred se pa se besluit onlogies vir jou lyk, het jy die kern misgekyk: Vir sy pa is Alfred se betekenis nie geleë in wat hy doen nie, maar in wie hy is. Dit is die punt.

Miskien het jy ook 'n ander probleem: Jy weet die pa weet dat Alfred waarskynlik alles wat hy hom gaan gee gaan verloor! Dit voel amper soos heiligskennis om soveel op 'n dwaas te blaas!

Alfred was natuurlik baie dankbaar en trek toe na 'n ander dorp toe. Sy meisie kom bly toe by hom, en met die hulp van 'n groot besigheidsman sit hy toe vir homself 'n deftige besigheid op.

Wanneer mense vir hom na alles wat hy het vra, is hy baie terughoudend, want hy het gou agtergekom dat mense ongemaklik word as hy van sy pa praat. Daarom het hy homself voorgeneem om dit nie te doen nie, want dit is sleg vir besigheid.

Maar kort voor lank begin dinge suur word. Sy vennoot begin om hom bedrieg en begin geleidelik die besigheid onder hom uit steel. Intussen trek sy meisie uit en trek in by sy vennoot. Hyself begin toe kokaïne gebruik en begin minder en minder tyd by die werk spandeer.

Dan ontplof die wêreld rondom hom. Sy rekenmeester stel hom in kennis dat hulle bankrot is, en hy word uit sy luukse suite uitgegooi omdat hy nie betaal nie.

Snags moet hy in sy kar slaap. Een nag besluit hy in die kar: Selfs my pa se gehuurde bediendes leef onder beter omstandighede as ek. Ek wonder of hy my sal toelaat om vir hom te werk?

Dadelik ry hy paleis toe en lui die voordeurklokkie. Sy pa maak self die deur oop, verwelkom hom met blydskap en sê dat hy hom sien aankom het.

O, ek is so bly jy is terug. Welkom tuis. Jou kamer wag vir jou. Ete is feitelik gereed. Gaan was en trek skoon klere aan. Dan kom jy ,want daar is soveel waaroor ons moet praat!

Maar  Pa, sê Alfred. Pa verstaan nie! Ek het nie teruggekom as jou seun nie. Ek het dit alles immers prysgegee toe ek weggegaan het. Ek het teruggekom om te hoor of ek nie net vir pa kan werk nie.

Waarop sy pa dan antwoord: Alfred, jy is my seun. Ek sal jou nooit aanstel net as iemand wat vir my werk nie. Ons is Pa en seun. As jy vir my dien, moet dit wees oor wie jy is, en nie omdat ek jou ‘n salaris aan die einde van die maand betaal nie.

Ek verstaan nie, sê Alfred.

Toemaar, jy is moeg, kom ons gaan eet eers iets voor ons verder gesels, sê die pa.

Daar aan die tafel ontmoet Alfred en Kobus. Kobus is maar styf en formeel teenoor sy broer. Maar die pa sê: Ek is so bly my seun wat dood was, het weer begin lewe. Ek hoop dit is die begin van ‘n nuwe verhouding tussen ons wat nooit weer gaan eindig nie.

Dan bars Kobus uit: Alfred, ek weet nie hoe kan jy dit waag om weer jou gesig hier te wys nie, nadat jy  pa se hart gebreek het met jou weggaan. Nou stap jy hier in asof niks gebeur het nie. Wel, dinge sal nooit weer wees soos wat dit gewees het nie.

Maar die pa val hom in die rede: Kobus, jy verstaan nie!  Jy en Alfred het maar albei in hierdie tyd  julle ou ware Adam-natuur gewys op verskillende maniere. Jy voel dat jy vir my meer moet beteken as Alfred omdat jy gedoen het wat jy gedoen het.

Wat moet ek dan doen om jou te laat besef dat julle albei vir my ewe veel beteken ongeag die regte of verkeerde keuse wat julle maak. Julle is my seuns. Dit is wat julle waarde in my oë gee. Jy het dit nooit verstaan nie Kobus. Daarom behoort jou broer waarde in jou oë te hê nie omdat hy die regte dinge doen nie, maar omdat hy jou broer is.

Kobus, maande gelede het jy vir my gesê dat jy geen begeerte het om vir ander bergies daarbuite te vertel dat ek hulle wil aanneem nie. Jou verskoning was dat jy net nie my liefde het vir hulle nie. Maar besef jy dat jou liefde vir mense nog altyd afgehang het van wat hulle vir jou kan doen.  Jy het nie mense lief vir wie hulle is nie. Jy het hulle lief of verwerp hulle oor wat hulle vir jou kan doen.

Eintlik is dit ook waar van my en jou verhouding. Jy het my eintlik net lief vir wat ek vir jou kan doen. Weet jy, en aan die wortel van dit alles lê dat jy nog nooit jouself werklik aanvaar het nie. Jou eie waarde is

afhanklik van wat jy doen, in plaas van wie jy is. Jy is my seun. Alfred is my seun. Ek vra niks anders van julle as net dit nie.

Maar Vader, sê Kobus. Dit is mos nie regverdig nie. Hoe kan Alfred wegkom sonder straf na wat hy u aangedoen het? Ek was immers die getroue seun wat tuis gebly het om elke dag by u te kon wees. Watter beloning het ek daarvoor gekry?

Kobus, sê Alfred, as jy maar net weet. Die skuldgevoelens wat ek hierbinne voel oor my optrede in die verlede maak my amper dood. Regverdigheid het pas begin, want ek sal vir die res van my lewe moet saamleef met die herinneringe aan my dwase keuses in die verlede. Niks kan dit uitwis nie.

Waarop die pa dan antwoord: Alfred, my seun. Ek het jou omswerwinge al die tyd noukeurig gevolg. Daardie meisie wat eers by jou gewoon het ... watter ellende dra sy nie in haar binneste elke dag rond nie! En jou eertydse vennoot, by wie sy nou bly ... hoe dink jy voel hy oor homself? As jy sleg voel, hoe dink jy voel hulle? Jou verhouding met my maak jou ten spyte na alles wat jy gedoen het, geliefd. Maar hulle het geen huis om na terug te gaan nie, geen vader wat hulle kan terugontvang nie. Dag vir dag moet hulle net aanhou lewe, sonder enige hoop in die wêreld.

Alfred, jou vriende daar in die stad is vir my baie kosbaar. Ek begeer dat hulle ook my kinders moet word. Verstaan jy dit?

Waarop Alfred antwoord: As hulle dit maar net wou aanvaar. Maar ek dink nie dat hulle dit ooit sal oorweeg nie.

Toe jy tussen hulle was, het jy nooit eers genoem dat jy my seun is nie, antwoord sy pa. Niemand het nog ooit vir hulle vertel van my en my liefde vir hulle nie. Wie weet of hulle my sal aanvaar of verwerp om hulle pa te word. My begeerte is dat julle as my aangenome seuns hulle dit moet gaan vertel. Die tafel is gereed. Hulle kan net kom aansit. Daar is genoeg vir almal wat wil kom. Gaan julle en nooi hulle uit om te kom.

Dan staan die vader op en gee elkeen van hulle ‘n lekker druk, waarop hy die kamer verlaat. Kort daarna staan Kobus op en stap uit. Alleen eet Alfred verder. Dan begin hy saggies met homself praat. Ek het betekenis. Ek is my pa se kind. Niks is belangriker as dit nie. Watter dwaas was ek nie!

En vir die eerste keer in sy lewe, begeer hy om by sy pa te wees.

Intussen sit Kobus alleen in sy kamer en dink. Sy pa se woorde draai in sy gedagtes: Jy het my net lief vir wat ek vir jou kan beteken. Is dit waar? vra hy vir homself af. En uiteindelik moet erken dat dit so is. Sou hy werklik sy pa nog steeds liefgehad het as hy dalk ‘n beroerte gehad het of sonder ‘n sent gelaat was?

Daar maak hy vir die eerste keer as aangenome kind ‘n keuse: Om sy pa lief te hê vir wie hy is, en nie vir wat hy vir hom in die toekoms kan doen nie. En hy kies om Alfred lief te hê vir wie hy is.

Hy stap sitkamer toe en kry vir Alfred wat huilend kniel by sy pa. Hy hoor hoe sy pa vir hom sê: My seun, uiteindelik het jy ontdek wie jy werklik is. Ek is so bly!

Dan kniel Kobus langs sy broer en sê: Pa, ek was in my hart baie meer soos Alfred as wat ek graag sou wou erken. Ek het u nooit liefgehad soos wat u my liefgehad het nie. Ek is jammer daaroor. Vergewe my asb!

Dan omhels hulle mekaar en trane was al die verkeerde waardes van die verlede weg. Dit was die belangrikste gebeurtenis tussen hulle sedert die dag van hulle aanneming.

# HOOFSTUK 4 KIND MAAR NOG STEEDS KNEG!

Die twee Skrifbeginsels wat ons tot dusver aan ons hart vasgemaak het was:

1. Ons waarde as mens is die vrug van wie ons is, en nie wat ons doen nie

2. En omdat ons is wie ons is, kan ons ‘n verskil maak in hierdie wêreld.

Die grein van “bergie-mens” wees, van nasaat van Adam -wees, lê in ‘n gepreokkupeerd-wees met onsself en ons eie planne vir ons lewe. Niks anders maak saak nie. Dit is al waarvoor ons lewe.

Hierdie grein lê diep, dieper as wat ons as Christene dink. Daarom is ons soms so teleurgesteld met onsself as ons dit nog dik sien loop in ons eie lewe na ons bekering.

Deel van die heiligmakingsproses in ons lewe is om ons meer en meer te heilig van hierdie ou bergie in ons elkeen. By sommige vat dit net bietjie langer as ander! Ons worstel maar om werklik die volle implikasies te verstaan van wat dit beteken om nou kind te wees van die Koning van alle konings.

Die woord in die Grieks vir “kind” is “pais”. Ons kan dit ook met “seun” in sekere kontekste vertaal.

So lees ons in Mat. 17:18 “van daardie oomblik af het die seun gesond geword.” Maar die King James Vertaling vertaal “ and the child was cured from that very hour.”

Pais kan in sekere kontekste “kind” of “seun” wees en dui dus op die verhouding tussen ‘n seun/kind en sy vader. Dit is eintlik wat ek wil hê jy moet vanoggend raaksien. Pais beskryf ‘n verhouding wat bestaan! En dit bevestig net aan ons dat ons betekenis as mens lê in wie ons is ... naamlik dat ons kind/seun/dogter van God is. Hy is ons Vader en ons is Sy kind.

Maar daar is ook ‘n anderkant van kind van die Vader wees wat vir ons as ex-bergies belangrik is om raak te sien. Daarom wil ek vir jou ook na ‘n ander gebruik van hierdie selfde Griekse woord neem.

Daar in Mat. 14:1 en 2 word dieselfde woordjie gebruik, maar uit die konteks is dit duidelik dat dit ‘n totaal ander betekenis hier het. Die Nuwe Vertaling praat van “paleispersoneel” terwyl die Ou Vertaling meer die betekenis raakvat met “knegte”.

M a w afhangende van die konteks kan dieselfde Griekse woord pais “kind” of “kneg” beteken.

Dit help ons iets begryp van ons tweede Skrifbeginsel naamlik dat omdat ons is wie ons is, kan ons ‘n verskil maak in hierdie wêreld. Kom ons sê dit so: omdat ons kind van God is, en Sy koninkryk ons besigheid geword het, kan ons in hierdie wêreld ook optree as Sy “dienskneg”. ‘n Kind van God beteken outomaties ook “in diens van God wees” as “kneg”/dienaar/slaaf”.

Miskien voel jy dat daar so ‘n stuk teenstrydigheid hierin lê. Kom ek gaan wys verder vir jou in die Bybel wat hieroor staan.

In Hand. 3:13 lees ons dat God Jesus sy Dienaar eer gegee het. Ons kon ook vertaal het, “Seun”. Beide pas in die konteks.

In Hand. 3:26 lees ons dit weer dat Jesus God se “Dienaar” genoem word. En weer in Hand. 4:27 en 4:30.

Dit bring ons seker by die mees belangrike van al hierdie “pais”-teksgedeeltes, naamlik Jes. 42:1, waar die volgende oor Jesus geprofeteer is:

“Hier is my dienaar ...”

In Mat. 12:18 word hierdie Skrifgedeelte uit die Hebreeus in Grieks aangehaal en jy kan net raai watter Griekse woord is hier gebruik: Pais.

Die Here Jesus was Seun van God maar ook Kneg, Dienskneg van God.

Daarom praat Hy van Homself daar in Luk. 22:27 as die Een wat in daardie kring is “om te dien”. In Mat. 20:28 sê Hy dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.

Dit is ook van ons waar! Kind van God-wees maak ons ook diensknegte van God. Omdat ons kinders van God is, kan ons werklik diensknegte van God wees. Net ‘n ware kind kan werklik God as Vader dien.

In 1 Joh. 4:13 en 17 lees ons die volgende: Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee... en sê vers 17 in die Ou Vertaling: “soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld”.

Toe God ons aangeneem het as Sy kinders, het Hy die Gees van Christus gestuur om in ons te woon. Begryp jy hoe belangrik maak dit jou in God se oë? Dat Hy jou so belangrik ag dat Hy die Gees van Sy Seun in jou geplaas het!

Dit maak ons totaal anders as al die “bergies” rondom ons!

Stel jou voor jy speel treurig tennis. Nadat jy op ‘n dag die eerste stel 6-0 verloor het, kom Wayne Ferreira na jou toe en sê: Jou spel is treurig, nè! Jy beaam dit. Maar dan sê hy vir jou dat hy hierdie wonderlike vermoë het om sy vermoëns en krag in jou liggaam oor te plaas. En vra jou of hy dit maar kan doen.

Jy verstaan nie veel daarvan nie, maar is moedeloos genoeg om dit toe te laat. Dit verbaas jou as jy op die baan gaan dat jy niks anders as gewoonlik voel nie. Maar as jy begin speel, is alles totaal anders! Jy vermorsel letterlik jou opponent en stap as oorwinnaar van die baan af. Net om een rede: omdat die vermoëns van Wayne in jou jou dit laat regkry het.

Verstaan jy? Jesus, die Seun van God, maar ook Dienskneg van God, het Sy Gees aan jou gegee. En omdat Sy Gees in ons lewe, is ons nuwe natuur Sy natuur ... naamlik die van ‘n dienskneg.

Daarom kan God van ons dit wat vir ons as bergies totaal onmoontlik is, vra. Soos daar in Fil. 2:3-8 ...

Dieselfde gesindheid wat in Christus was, moet nou ook in ons wees. As ons Christen is, met die Gees van Christus in ons, is dit onmoontlik om nie ook die hart van Christus - om dienskneg te wees - in ons te hê nie.

In Mark. 9 neem Jesus sy 12 dissipels saam met Hom na die berg, Hermon, toe. Hulle het nog niks hiervan verstaan om diensknegte te wees nie. In hulle gedagtes het om Jesus te dien beteken, om ‘n prins in die nuwe koninkryk te wees. Maar ‘n prins wat dienskneg moet word, was vir hulle soos Grieks! Hulle was so vasgevang in die strik van dink dat wat ek doen, maak wie ek is, dat hulle mekaar heeltyd probeer beïndruk het.

Oppad terug vertel Jesus dan aan hulle dat Hy doodgemaak gaan word. Dit is egter duidelik dat hulle daar niks werklik van verstaan het nie. Daarom vra Jesus hulle ‘n bietjie uit waaroor hulle die heeltyd gesels het.

Dan sê Jesus vir hulle: As iemand eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.

Ander mense se dienaar ...om mense te help wat jy weet niks kan terugdoen nie ... om hulle, wat die wêreld rondom ons gewoonlik miskyk, te help ... en niks daarvoor terug te kry nie.

Om aan hulle te wys wat Hy bedoel, neem Hy ‘n kindjie in sy arms (in vers 36) en sê: Elkeen wat so ‘n kindjie in My Naam ontvang, ontvang My ...

Hiermee help Hy hulle om te verstaan dat dit nie is wat jy doen wat jou lewe betekenis gee nie, maar wie jy is. En omdat jy weet wie jy , naamlik kind van die Vader in die hemel, kan jy ‘n verskil in hierdie wêreld maak deur ander, ook kinders rondom jou te begin dien met die Gees van Jesus in jou. ‘n Kind het nie invloed of geld om jou te betaal as jy help nie. Inteendeel, kind-wees beteken juis om afhanklik te wees van ander se hulp.

‘n Dienskneg dien mense sonder om iets daarvoor in ruil terug te verwag. ‘n Dienskneg is daar om te dien omdat hy ‘n verhouding het met sy meester.

Daar is ‘n baie noue verband tussen kind-wees en dienskneg-wees. Albei se hart is ‘n verhouding wat bestaan: die kind met sy vader en die dienskneg met sy meester.

As jy by die koningin van Engeland sou gaan kuier en sy haar chauffeur vra om jou af te laai by jou hotel, doen hy dit nie omdat jy is wie jy is nie. Hy doen dit omdat hy ‘n verhouding met die koningin het. Sy is immers sy baas.

Jesus sê wie so ‘n kindjie in Sy Naam ontvang, ontvang Homself. Die koningin kon net sowel vir haar chauffeur gesê het dat as hy jou gaan aflaai by die hotel is dit asof hy haar daar gaan aflaai het.

Die eerste teken dat iemand werklik begin begryp wat Christen-wees behels is as hy begin om almal rondom hom te dien, omdat hy so Sy Meester wil dien. Ons dien nie mense vir wat ons daaruit kan kry nie, maar omdat elkeen van hulle kandidate is om ook aangeneem te word of aangeneem is deur ons Vader. Mense is belangrik omdat God hulle liefhet.

As aangenome kind van die Vader, ex-bergie, dien ek die Vader so op ‘n baie spesiale manier. Ons Vader kan nie engele na mense toe stuur om vir hulle te vertel hoe dit is om Sy kinders te wees nie. Net een van Sy eie aangenome kinders kan dit doen. M a w as jy en ek wat aangenome kinders is, dit nie doen nie, sal die storie nooit vertel word nie.

Deur jou en my getuienis, sal kinders van Adam ontdek dat God se hart die van ‘n liefdevolle, dienend, vrygewige Vader is. Baie mense vrees God omdat hulle prentjie van Hom hierdie verskriklike koning is in die hemel wat gereed is om ons te straf. Maar hulle het nog nooit kans gehad om Sy gesig goed te bekyk as die Dienende Kneg daar aan die kruis nie. Daar sien ons Sy hart. Hy het dit immers gedoen om elkeen van ons te kan aanneem as Sy eie kind!

Wie dit werklik begryp het, se hart word stelselmatig deur die Gees van hierdie Lydende Kneg in ons, ook geleer om kind te wees wat altyd gereed is om die Vader te dien deur ander rondom hulle te begin dien.

Hulle vertel vir my van hierdie man wat voorheen ‘n groot Cadillac-agentskap besit het. Wat dit gaan verkoop het en vir iemand anders in sy agentskap gaan werk het. Hulle vra hom waarom iemand wat so goed gedoen het in die besigheid en wat so welgesteld is, nou vir iemand anders werk? Hy verduidelik dit toe so aan hulle:

Toe ek my eie agentskap gehad het, het ek twee probleme gehad: sukses en mislukking! As motors verkoop het, was ek bekommerd oor hoe ek die geld wat inkom moet beskerm en al die belasting wat ek daarop moet betaal. Maar as hulle nie verkoop het nie, was ek weer bekommerd oor waar die geld vandaan gaan kom om my werkers te betaal en oor al die geld wat net so rondstaan op my vloer.

Ek het net moeg geword vir sukses en vir mislukking. Daarom het ek die besigheid verkoop. Nou dien ek ‘n vriend. Ek doen wat hy vir my vra om te doen bedags en snags slaap ek soos ‘n baba. Ek laat hom kommer

oor die sukses en die mislukking. Al waaroor ek my kommer is om te doen wat hy wil hê ek moet doen. Hy kommer oor die res.

Baie van ons dra hierdie swaar las van allerlei bekommernisse op ons skouers omdat ons dan dink ons is die baas. En wanneer ons hierdie drag op ons skouers het, maak dit 'n normale verhouding met die Vader totaal onmoontlik in ons lewe. Dit maak dat ons doer in die ver land ons eie ding doen, en vergeet dat ons eintlik Sy kinders is, wat nog te praat van Hom moet dien met ons lewe.

Dit is eers as ons weer Hom toelaat om werklik Vader te wees, Koning te wees, wat al die bekommernisse dra en die besluite neem, dat ons weer kind kan wees. En as ons weer kind is, kry die lewe skielik betekenis en waarde. Dan is ons vry om 'n verskil aan die wêreld om ons te maak. En dit maak ons vry om as kind die Vader te begin dien, sy hart en sy planne met alles wat ons het na te jaag.

Verstaan jy dit? Is jy bereid om vandag net weer jouself 100% toe te wy aan 'n lewe waarin jy net Hom dien? Is jy bereid om al jou eie planne op te offer om in pas met Sy planne vir jou te kom? Werklike geluk, waarde, vreugde, gesonde verhoudinge met Hom as God en met die mense rondom jou is deel van die vrug wat vloei uit hierdie doelbewuste keuse om Sy kind-kneg te word.

Het dit nie tyd in jou lewe geword om hierdie keuse vir eens en vir altyd te maak as jy dit nog nie gemaak het nie?

Wil jy dit nie nou maak nie?

# HOOFSTUK 5 OM ANDER TE DIEN MAAK DIE VERSKIL

Ons lees net Joh. 15:9-17 vir eers.

Kom ons hersien so ‘n bietjie wat die Here ons tot hier geleer het:

1. Ons waarde as mens lê in wie ons is en nie in wat ons doen nie

2. Ons maak ‘n verskil in hierdie wêreld juis omdat ons is wie ons is.

Dit het ons 5 dinge laat besef in die proses:

Toe ek kind van God geword het is die hart van ‘n kneg ook in my gebore

Beide kindwees as knegwees setel in ‘n verhouding

As ons ons eie here wil wees vernietig dit die verhouding met die Vader

Knegwees behels om die hart van ons Vader aan die bergies om ons te openbaar

Vir die Vader is daar nie onbelangrike mense nie

Mense is nie belangrik oor wat hulle doen nie, maar omdat die Vader hulle liefhet. Daarom sê Jesus dat ons alle mense se dienaars moet word. Vir God is daar net nie onbelangrike mense nie!

Kom ons voeg dus ‘n derde lewensbeginsel by die ander twee:

3. Om ander met ons lewe te dien is die mees betekenisvolle ding wat ons met ons lewe kan doen.

Kom ons gaan nou voort met ons storie:

Dit is ‘n paar dae nadat Alfred huis toe gekom het.

Kobus, sê die pa. Ek het gesien hoe alle bitterheid en onvergewensgesindheid in hierdie paar dae verdwyn het uit jou hart. Maar, Alfred, hoe voel jy? Is daar nog enige bitterheid teenoor diegene wat jou so ingeloop het?

Alfred antwoord dan: Pa, ek het werklik in hierdie tyd beleef hoe lief U my het, en dat niks wat ek gedoen het daardie liefde kon vernietig of laat verander nie. Daarom lyk dit vir my sinloos om ander aan te hou haat vir wat hulle aan my gedoen het. Hulle lewe bestaan uit haat, jaloesie en selfsug. Hulle verstaan eenvoudig nie wat hulle aan ander doen in hierdie proses nie. Hulle het nog nooit beleef wat ek nou hier beleef nie. Nee, ek haat hulle nie meer nie. Ek kry hulle eerder verskriklik jammer. Hulle lewens is so leeg.

Kobus voeg dan by: Pa, my eie selfgesentreerde lewe deur al die jare ry my geweldig. Toe ek begryp het dat ek U liefhet vir wat U vir my gedoen het, eerder as vir wie U is, het ek ook begryp waarom ek

nie ander wou gaan vertel van U liefde nie. Ek het werklik nie gevoel dat dit vir my die moeite werd sou wees om hulle te gaan vertel dat U hulle ook wou aanneem nie. Daar is net geen verskoning vir my onwilligheid nie. Ek was in hierdie proses net selfsugtig.

Dan antwoord die pa sag: Beteken dit dat julle gewillig is om onder die bergies te gaan woon om my liefde en my hart aan hulle te gaan vertel? Is julle bereid om my bestuurders, my oikonomosse te word wat dit wat myne is, aan hulle uit te deel in die regte porsies, op die regte tyd by die regte adres? Kies julle dat dit prioriteit in julle lewe word om my liefde met hulle te deel?

Pa, antwoord Kobus, maar wat as hulle nie wil luister as ons met hulle praat nie?

O, sê die pa, jy kan verwag dat die meeste van hulle nie in die begin sal wil luister na julle nie. Maar kom ek gee vir julle goeie raad. Moenie eers met hulle begin praat nie. Gebruik jou lewe en dit wat myne is om hulle eers te dien om so hulle vertroue te wen.

Kom ek verduidelik. Julle het gehoor hoe ek vir julle vertel het van my regte Seun. Julle weet dat Hy tussen die bergies gaan woon het. Dit is wat julle moet doen. En daar tussen hulle, as hulle Vriend, het Hy met hulle die goeie nuus gedeel of hulle nou ryk was of arm. Hy het hulle vertel van my etenstafel wat gereed staan, tot oorlopens toe vol, vir almal van hulle. Hulle hoef maar net te kom aansit.

Hy het ‘n vriend geword vir hulle wat gevangenes was van dwelms, selfsug, haat, en jaloesie. Sy liefde vir hulle, toe hulle nie eers hulleself kon liefhê nie, het hulle na Hom toe getrek. Maar dit het hulle ook begerig gemaak om ook aangeneem te word.

Die mense het Hom natuurlik baie gekritiseer hieroor.

Alfred, Hy het tussen diegene gaan leef wat blind was soos jy pas geskets het, en hulle genees. Hy het gevangenes se boeie oopgesluit. Hy het vrouens wat sommer net met manne saamgebly het, se selfrespek terug gegee aan hulle. Maar Hy het ook gaan gesels met die briljante mense van die samelewing en hulle gekonfronteer met hulle ongeloof. Hy het besigheidsmanne gehelp om ontslae te raak van al die spanning wat gedreig het om hulle lewens te verwoes.

In elke geval het Hy eers begin deur net ‘n persoonlike verhouding met elkeen van hulle te ontwikkel en hulle lief te hê.

Waarop Kobus dan antwoord: Maar Pa, dit is ‘n moeilike opdrag. Ek het ‘n goeie stem. Miskien kan ek vir hulle gaan sing oor jou. Of dalk kan ek ‘n tydskrif publiseer wat vir hulle oor jou vertel. Of ‘n groep stig wat vir die hongeres onder hulle kos kan gee. Met alles wat aan U behoort kan ons dalk ‘n gebou oprig waar ons hulle kan leer om U te dien. Of dalk kan ek ‘n TV program maak wat hulle kan vertel van U liefde vir hulle.

Kobus, sê die pa. Jy verstaan nog nie. Daar is geen ander manier om aan bergies my liefde vir hulle te illustreer as deur ‘n persoonlike verhouding waarin ons hulle dien nie.

Jy sien, in elkeen van hulle se lewens is daar êrens ‘n seer of ‘n probleem. As jy weet waar hulle seer is, kan jy dit wat myne is gebruik om hulle behoeftes te vervul. En as hulle ontdek het dat dit wat in my voorraadkamers is hulle seer kan heel, sal hulle weet hoe lief ek hulle het. Maar dit kan net gebeur as jy hulle lewens persoonlik aanraak met my liefde.

In die weke wat volg het Alfred teruggegaan stad toe. Sy vriende was bly om hom te sien, maar hulle was verstom oor die verandering wat daar in sy lewe was. Hy het by elke geskikte oomblik vertel van die wonderlike verhouding wat daar tussen hom en sy pa is. En tot sy verbasing was die een wat die

mees positiefste gereageer het op wat hy sê, sy eertydse vennoot. Hy het selfs gevra of hy nie dalk sy pa kan ontmoet nie.

Alfred was natuurlik verheug hieroor. En die volgende naweek het hulle saam na die paleis vertrek. Daar het sy vriend en sy pa ure lank saam in die studeerkamer deurgebring, totdat sy vriend met trane in sy oë daaruit gestap het met die woorde: Alfred, ek het jou aangenome broer geword. Ek het altyd geweet daar is meer om voor te lewe. Maar ek het nooit besef dat dit so wonderlik kon wees om ‘n verhouding met die Vader te kan hê nie.

In die weke wat gekom en gegaan het, het hulle met mekaar hulle droom gedeel om ook ander na die Vader toe te bring. Feitlik elke week het hulle een of twee vriende na die pa toe gebring. En mettertyd het die aangenome familie in daardie dorp al groter geword. Selfs Alfred se ex-meisie het ‘n aangenome sussie geword.

Kobus weer, het na ‘n ander dorpie toe vertrek. Daar het hy vir hom ‘n werk gekry maar nooit vergeet wat sy belangrikste taak was nie naamlik om aan bergies om hom die goeie nuus te bring nie. Sy sekretaresse was skoon verbaas toe hy aan haar van sy pa en sy liefde vertel.

Ek het nooit werklik ‘n pa gehad wat vir my omgegee het nie, het sy vertel. ‘n Mens kan jou byna nie indink dat iemand so ‘n wonderlike pa kan hê nie. Ek ken net nie so ‘n pa soos joune nie.

Tussen sy medesakevennote, en vriende het Kobus ‘n stuk skeptisisme ontdek oor die Vader wat hom eintlik verras het. Maar hy het gou ontdek dat dit dwaas is om met hulle te argumenteer. Daarom het hy eerder op hulle probleme gekonsentreer. By baie geleenthede moes hy die vader vra om te gee wat hierdie mense rondom hom nodig gehad het ... soos die dag toe hy ‘n groot houer vol kruideniersware by iemand se huis moes gaan aflaai.

Na drie maande het sy sekretaresse gesê dat sy graag sy pa persoonlik sal wil ontmoet, maar dat sy graag haar sussie wil saamneem. Kobus was in die wolke. En binne ‘n dag of twee het hulle twee in die pa se studeerkamer met hom gesit en gesels.

Kort voor lank het sy sekretaresse vol blydskap daar uitgekom met die woorde: Ek het ‘n nuwe pa in my lewe gekry. Dit voel asof ek so pas nuut gebore is. O ek is so gelukkig!

Maar wat van jou sussie?

Nee, sê sy. Sy het te veel haat in haar hart oor ons eie pa dat sy net nie kon glo dat iemand so vol liefde kan wees nie. Dit gaan nog lank neem om haar te oortuig.

Ons moet net aanhou om haar lief te hê, sê Alfred wat dit ook gehoor het. Sy durf nie ‘n heeltemal nuwe toekoms weg te gooi net oor dit wat in die verlede gebeur het nie.

Beide Alfred en Kobus het oikonomosse van die vader geword, sowel as sy eie seuns. En daarom het hulle verhouding soveel meer verdiep as toe hulle bloot kinders was wat net in die paleis gewoon het. Toe hulle pa se hart hulle hart geword het, het dit net dinge tussen hulle en hulle pa radikaal intiemer en meer persoonlik gemaak.

Wat van jou? Het jy al ‘n keuse gemaak of jy net kind wil wees of ook kneg, oikonomos? Besef jy wat die prys is wat jy betaal omdat jy nie Sy hart vir mense deel nie?

Het jy nie ook al in jou lewe beleef dat die mense met wie jy die mees persoonlike verhouding het juis die mense is met wie jy saamwerk en drome deel nie?

As jy in pas kom met die Vader se drome en met Hom begin saamwerk, gaan jy ontdek hoe dit jou verhouding met Hom verdiep en verinnig.  As sy oikonomos moet jy elke oomblik met Hom in direkte kontak bly ... om te hoor , om te gesels oor probleme wat jy teëkom, om te vra vir wat jy in die proses nodig het, om by Hom antwoorde te vra.

Jy gaan ‘n intimiteit ontdek in julle verhouding wat jy nooit gedink moontlik kan wees nie.

Daarom het Jesus vir sy dissipels gesê: Ek noem julle nie langer slawe nie ... Ek noem julle My vriende!

Spesiale verhoudinge ontwikkel tussen mense wat saam werk aan ‘n droom.

Weet jy dat dit bereken word dat net 15 uit elke 100 Christene ooit met ander oor hulle verhouding met die Vader gesels? Daarom verras dit nie ons om te sien hoe oppervlakkig mense se verhouding met die Vader is nie.

Dit is net nie moontlik om werklik ‘n intieme verhouding met die Vader te hê as jy heeldag in die paleis rondhang en agter in die agterplaas jou eie ver land of ashoop het nie!

Maar jy leer Hom werklik ken as jy in Sy Naam en met Sy genade iemand moet bevry wat geboei is in alkohol, magsbeheptheid of jaloesie.

Baie mense ken net die Vader as iemand oor wie jy kan sing, of ander oor kan leer, of iets voor kan reël, maar tog moet hulle erken dat hulle Hom nie baie persoonlik ken nie. As hulle met Hom praat dan is dit byna dieselfde woorde elke dag.

As jy iets anders begeer, ‘n nuwe liefdesverhouding met God die Vader, waarin Hy werklik vir jou ‘n lewende werklikheid is elke dag, moet jy Sy droom jou droom maak. Gaan klim op daardie verhoog wat Hy reeds vir jou gebou het, stap tussen jou ou vriende in, en gaan word deel van hulle seer en hulle lyding. Gaan bedien hulle daar met al die liefde en genade van jou Pa.

In Eks. 21:5-6 lees ek dat persone wat uit eie vrye wil gekies het om slaaf te wees, teen ‘n deur moes gaan staan dat hulle meester met ‘n els ‘n gat in sy/haar oorlob kon druk. Daardie gaatjie in hulle oorlob sal dan vir altyd teken wees van vrywillige dienskneg, oikonomos-wees.

Is daar ‘n gaatjie in jou oor? Daardie gaatjie maak dat ons al die baie byeenkomste in die kerkgebou begin verruil vir straatwerk, liefdesdiens onder bergies, vir oikonomos wees vir die Vader onder mense met ontsettende nood.

Sê vir my, is jy gereed om so ‘n keuse te maak? Die keuse is joune. Die Vader wag vir jou om te kies. En die bergies wag ... Wanneer begin ons dan?

# HOOFSTUK 6 IN SY VOETSPORE

Het jy al ooit ‘n bietjie moeite gedoen om alles te lees wat Jesus oor oikonomos-wees, dienskneg-wees, gesê het? Kom ons blaai vandag na ‘n paar van hierdie gedeeltes toe.

In Mark. 9, neem Jesus sy dissipels na ‘n berg in die Noorde van Kapernaum. Elkeen van hierdie twaalf sit in hulle hart met ‘n bergie wat magsbehep is, wat bid: Here, gee vir my mag en krag. Ek is moeg om deurmatjie te wees. Here, gee ons as Jode, wat tog U volk is, mag oor hierdie heidense Romeinse owerheid wat ons lewens so vergal.

En met hierdie behoeftes in hulle hart het hulle ook na Jesus gekyk. Hy is immers die Messias. As hulle die Skrif reg verstaan, sal dit Hy wees wat hierdie mag weer aan God se volk teruggee.

Met die gevolg dat toe hulle daar op die berg saam met Jesus was, en Moses en Elia verskyn aan hulle, het hulle seker gevoel hoe trek die tintel van opgewondenheid deur hulle lywe. Elia was immers die een wat die ongelowige Koning Agab in sy dag teë gegaan het, en Moses Koning Farao. Hulle het daarom aangeneem dat hierdie twee aan Jesus raad gee om uiteindelik van die owerheid van die dag ontslae te raak. Daarom kom Petrus met die voorstel dat hulle sommer ‘n monument vir hierdie elkeen van hierdie drie “bevryders” moet oprig, wat ook al die vorm daarvan, sy dit ‘n hut of ‘n klipstapel.

Maar dan verdwyn Elia en Moses en hulle begin met hulle terugtog. En waaroor gesels die dissipels? Wie van hulle is die belangrikste? Wie gaan in Jesus se nuwe kabinet wees en wie nie!

Maar dan sê hulle toekomstige Koning, Jesus: Ek gaan Jerusalem toe sodat hulle my kan doodmaak. Maar binne drie dae gaan Ek opstaan uit die dode.

Hulle het nie ‘n snars verstaan wat Hy bedoel nie, want dit het beslis nie ingepas in hulle waardesisteem nie. Hoe kon hulle nuwe Koning nou sommer goedsmoeds instap om doodgemaak te word voordat hulle ‘n nuwe kabinet kan vorm!

Hoeveel keer is ons nie presies soos hierdie dissipels nie! Ons volg ook maar net vir Jesus gedeeltelik vir wat ons dink ons daaruit kan kry, vir wat Hy vir ons kan doen.

Dan sê Jesus: As iemand eerste wil wees, moet hy bereid wees om laaste, die minste te wees, wat almal rondom hom dien.

Dit was soos Grieks vir hulle.

Vir hulle het om eerste te wees, die beste te wees, die sterkste te wees, vry te wees om jou eie ding te doen, onafhanklik te wees, gewig gedra. Hierdie nuwe prentjie van dienskneg wees het net nie ingepas nie.

Vandag nog is daar twee soorte Christene: Eerstens diegene wat God letterlik gebruik om groot, bekend, en ryk te word, of gesond te kan bly; en dan diegene wat in Jesus se voetspore leer loop het. Wat gesnap het wat Jesus bedoel het met: Laat God God wees, en wees jy net sy oikonomos, sy dienskneg. Dit gee sin aan die lewe.

Kom ons blaai na Mark. 10:35. Die kruisiging van Jesus kom al hoe nader. In die harte van die dissipels sit die ou magsbehepte, selfsugtige bergie nog steeds. Daarom sien ons Jakobus en Johannes wat Jesus eenkant toe neem en vir Hom sê: Jesus, ons wil hê U moet presies vir ons doen wat ons vra. Belowe U sal “ja” sê.

Net soos regte kinders!

Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen, sê Jesus dan vir hulle.

Jesus, wanneer U op die troon sit, wil ons langs U sit, een aan U linkerkant en een aan U regterkant, as U adjudante.

Sulke konkelaars! Hulle is besig om agter die rug van die ander dissipels te konkel vir die beste posisie in die Kabinet.

G'n wonder die ander dissipels was woedend toe hulle van hierdie konkelry verneem nie.

Weer moet Jesus hulle neem en vir hulle soos kinders leer: Die konings en belangrike mense van julle wêreld heers oor mense, maar tussen julle moet dit anders wees. As iemand groot en belangrik tussen julle wil wees, moet hy bereid wees om die ander te dien. Hiervan is Ek vir julle die beste voorbeeld. Ek as die Messias het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien, om My lewe te gee om ander te help.

Maar weer het Sy lering oor hulle kop getrek sonder om vas te steek. Hulle het nie verstaan dat die beginsel wat in die wêreld skynbaar werk van die een met die meeste mag maak die grootste verskil, nie werk in die koninkryk van God nie. Daar werk juis die teenoorgestelde: daar waar ons mekaar dien, word die bonatuurlike krag van die koninkryk ontketen en dit verander mense en dinge!

Ek lees van 'n besturende direkteur van een van die grootste besighede in die wêreld wat in sy besigheid in die voetspore van Jesus begin wandel het na sy bekering. Toe iemand hom vra wat die geheim van sy suksesvolle bestuurstyl is, antwoord hy hom: Elke dag gaan sit ek voor die Here en dink aan diegene wat by ons werk, en ek vra myself af: Hoe kan ek hierdie mense dien? Ek het baie gou geleer dat as ek hulle werklik dien, gebeur daar dinge in die firma.

As ons dit maar net wil waag om in die voetspore van die Koning van alle konings ander te begin dien soos Hy ons gedien het. Die pad na Sy troon was 'n bebloede liggaam aan die kruis soos 'n tipiese misdadiger van daardie tyd!

In Luk. 22 neem Jesus sy dissipels na 'n bovertrek vir die paasmaal. Elkeen van hulle stap onthuts verby die bak met water wat daar in die hoek gestaan het , terwyl hulle seker gedink het: Maar waar is die kneg dan wat ons voete moet was, vanmôre? Seker weer te laat geslaap!

So met vuil voete en al, lê hulle aan by die tafel en begin eet. Dan sê Jesus: Die hand van die een wat My gaan verraai is hier saam met My aan dieselfde tafel.

Kyk net hoe reageer die dissipels volgens vers 23 en 24: Hulle begin onder mekaar gesels wie dit kon wees, en raak dan verstrik in 'n redekaweling oor wie van hulle die belangrikste is.

Kan jy dit glo? Pas na hierdie ontsettende onthulling van Jesus begin hulle baklei oor die "pecking order" tussen hulle. Wie is so naby Jesus dat hy dit nooit sou kon doen nie, en wie sou so laag daal om Jesus te gaan verraai!

Dan staan Jesus op, trek sy bokleed uit, sit die handdoek om sy lyf soos 'n wafferse slaaf, neem die bak water en begin hulle voete die een na die ander te was.

Soos gewoonlik is dit Petrus wat eerste tot verhaal kom en sê: Nee, Here, om die dood nie my voete nie!

Maar uiteindelik moes hy toegee. Dan sê Jesus vir hulle: Kyk mooi wat Ek doen. Leer om in My voetspore te begin wandel, te doen wat Ek gedoen het. Verstaan dan dat jou betekenis as mens nie afhang van jou posisie of prestasies nie, maar wie jy in die oë van My Vader in die hemel is.

Ek lees van ‘n dominee wat maar soos die meeste van ons gesukkel het om werklik oikonomos te wees. Oorkant die kerkgebou van hulle gemeente was ‘n regte sosiale hool. Elke Vrydagaand het die jongmense daar bymekaar gekom en ‘n bendeleier van die omgewing het daar onder hulle dwelms by die hande vol verkoop.

Hy het net daardie paar uur op ‘n Vrydag gewerk en dan die res van die week in ‘n klein kantoortjie met sy voete op die tafel leeggelê met sy bende.

Op ‘n dag bespreek die dominee hierdie krisis met ‘n kollega en vra hoe hy hierdie besigheid kan toemaak. Die persoon sê toe na ‘n ruk se nadenke: Begin hom in die Naam van Jesus bedien.

Wat op dees aarde bedoel jy? vra die dominee.

Onthou jy dan nie wat Jesus gesê het nie? Hy het gesê: Moenie diegene wat julle skade wil berokken weerstaan nie ...Wees net lief vir hulle ...as iemand jou hemp wil hê, gee sommer vir hom jou jas ook. Die manier om bergies te bereik is om hulle te begin dien. As hy ‘n gevangene is, sluit sy boeie oop. As hy blind is, bedien hom deur sy oë vir hom terug te gee.  As hy honger is of arm, bedien sy behoeftes. Bedien hom!

Verbaas sê die dominee: Maar wat het dit nou alles met hierdie dwelmhandelaar in sy geel Cadillac vol dwelms te make?

Wat is die belangrikste ding in sy lewe? vra die persoon toe vir hom.

Wel, ek weet hy aanbid daardie Cadillac van hom.

Nou, ja, gaan bedien hom deur te begin sorg vir sy Cadillac. Gaan Maandagoggend 10:00 wanneer hy daar by sy tafel in die kantoor sit en begin sy kar se enjinkap met die beste politoer wat jy kan kry te waks. En begin by sy enjinkap, waar hy dit moet raaksien as hy bestuur. En sy bende jou sien werk by sy kar, en jou stop, sal jy ten minste dit klaar kry. As hy vra wat jy daar maak, antwoord hom: Vriend, ek soek ‘n manier om jou te dien in die Naam van Jesus, om vir jou te vertel hoe lief Hy jou het. Daarom het ek gedink om jou kar vir jou te politoer. Hoe lyk dit vir jou? Blink hy vir jou mooi?

Sien, dit maak nie saak wat hy verder doen nie. As hy jou verwilder, het jy die deel gewaks wat hy altyd moet raaksien. En as hy die blink sien, sal hy jou moet onthou. Hy sal bly wonder watter soort mens iemand so graag van Jesus wil vertel dat hy selfs bereid is om ‘n bendeleier soos hy te bedien.

Ons moet by mense persoonlik uitkom voordat ons hulle by Jesus kan uitbring.

Die dominee het onthuts met hierdie ding voor die Here gaan worstel. Daardie aand het hy begin bid: Here, ek wil nie daardie skorriemorrie se kar waks nie.

Die volgende môre neem hy die persoon lughawe toe en vra oppad vir hom: Glo jy werklik ek moet sy geel Cadillac gaan waks?

Nee, sê die persoon. Jy kan dalk iets anders ook vir hom doen. Maar onthou, ons gaan nooit bergies bereik as ons nie bereid is om hulle te bedien nie.

Ek sal onthou om jou volgende keer klaar te vertel wat gebeur het. Maar al wat ek ten slotte vir jou wil sê is dat die belangrikste wat ons kan doen is om mense om ons te begin bedien. Ons sal moet leer hoe om mense se voete te was. Hoe om oikonomos te word in veral bergies se lewens.

Soos Jesus gedoen het. In Sy voetspore.

Luister wat het Jes. 52:13 en 15 oor Hom voorspel ... En dan vervolg hfst. 53: 10 tot 12 ...

Hoekom het God die Vader aan Hom die ereplek gegee? Omdat Hy bereid was om bergies in hierdie wêreld te dien met sy lewe. Ja, vir hulle misdade was Hy bereid om die straf te dra, al het dit beteken dat hulle Hom sou vermink tot een bebloede massa wat byna nie meer na 'n mens gelyk het nie.

Vir ons maak dit nie sin nie, maar Hy het hierdie pad doelbewus gekies om ons te help verstaan wat dit beteken om mense te begin dien.

Wat Hy gedoen het druis in teen alle logika in ons wêreld. Ons leef in 'n wêreld wat net kyk na mense se prestasies om te bepaal of hulle suksesvol is. Christus het ons kom leer dat dit nie is waaroor dit gaan nie. Eerder of ons kinders van die Vader is. As ons kinders van die Vader is maak dit ons vry om ander se seer te ontdek, en hulle gebrek aan waarde, en hulle eensaamheid. En om hulle dan daar te begin bedien.

Die belangrikste Persoon in die geskiedenis was Jesus Christus, en Hy het sy hele lewe gebruik om ander te dien. Hy het verstaan dat dit nie diegene aan die tafel is wat belangrik is nie, maar diegene wat om hulle staan om hulle te bedien.

Natuurlik beteken dit nie dat ons nodig het om arm en verwaarloos in hierdie wêreld rond te loop nie. Oikonomos -wees het niks met bankbalanse te maak nie. Dit het met lewensingesteldheid te make.

Soos Jim Elliot geskryf het in sy dagboek net voordat hy deur die Auca Indiane vermoor is: Wys is die mens wat weggee wat hy weet hy nie vir altyd kan hou nie, om te kry wat ewige waarde het.

# HOOFSTUK 7 EERS "IEMAND" TOE "NIEMAND"

Tot hier het die Here drie kern Skrifwaarhede aan ons harte vasgemaak naamlik:

1. Ons waarde as mens, as Christen, lê nie in wat ons doen nie maar wie ons is naamlik kinders van God

2. Ons kan 'n verskil maak in hierdie wêreld omdat ons kinders van God is

3. En omdat ons kind is, is ons ook oikonomos, in wie se lewe God se besigheid my besigheid geword het.

Wat is dan God se besigheid in hierdie wêreld van ons? Waarmee is Hy dag vir dag besig? Ef. 1:3-10 spel dit baie mooi vir ons uit.

Kan 'n mens jou lewe wy aan 'n wonderliker saak as dit! Om God se besigheid jou besigheid te maak. Om beskikbaar te wees as oikonomos om Sy liefde onder mense uit te deel daar waar ons hulle seer en hulle pyn begin bedien in die Naam van Jesus.

Die sleutel is om in diens van ons Meester ander te bedien. Wanneer en hoe Hy dit begeer. Ons het nie meer planne van ons eie nie en ons het niks op ons rakke wat werklik mense se behoeftes kan aanspreek nie. Hy gee die opdragte en Hy gee alles wat ons moet uitdeel.

As kinders van die Koning van alle konings is ons werklik vry om ander so te bedien. Sonder dat ons nodig het om iets daarvoor terug te ontvang. Ons hoef niemand in die proses te probeer beïndruk nie. Ons kan onsself gee sonder enige verskuilde motief.

Want sien, ons kan dit bekostig! Ons het dan die Koning van alle konings wat na al ons behoeftes in oorvloed omsien! Daarom kan ons bekostig om mense gratis te dien met Sy genade.

Maar om op hierdie punt te kom in jou lewe om net 'n oikonomos te wees, is vir die meeste van ons, as oud-bergies, 'n reuse worsteling. God moet werklik deur Sy genadewerk in ons lewe ons help om los te breek van alles wat tot dusver sekuriteit in ons lewe was. Soms moet God ons selfs konfronteer met die sin van lewe voor ons bereid is om te kies om net oikonomos te wees.

Daarom het die leraar van verlede week se storie werklik geworstel met die gedagte dat die Here hom vra om 'n bendeleier te begin bedien.

Die Here het 'n manier om ons as sy kinders oor te haal. 'n Paar weke later hoor hy dat die bendeleier ernstig siek geword het. Toe hy voor sy huis verby ry, sien hy hoe lank die gras voor sy huis is. Die middag gaan hy terug en sny sy gras vir hom.

Jy kan jou net voorstel toe die bendeleier die leraar sy gras sien sny!

Die gevolg hiervan was dat die dienste op 'n Sondag 'n paar weke later 'n nuwe gereelde besoeker by gekry het! En kort daarna het die engele gejuig oor 'n bergie wat kind van God geword het.

Ek sê, die Here het 'n manier om ons oor te haal om dinge te sien soos Hy dit sien.

Iemand wat dit in sy lewe ontdek het, was Moses. Nie dat dit maklik was nie. Dit het jare geneem en baie onnodige seer en pyn.

Kom ons gaan kyk ‘n bietjie na die pad wat die Here met hierdie man geloop het om hom te help begryp hy moet oikonomos wees. As jy dit wil lees kan jy blaai daar na Hand. 7 en Eks. 3 toe.

Ek wil begin vertel toe Moses reeds veertig jaar oud was. Hand. 7:22 skryf die volgende daaroor ...

In die paleisgange het hulle reeds van hom gepraat as die moontlike nuwe Farao. Uiters bekwaam, charismaties, glad van mond, en geskool in die beste skole in Egipte soos ‘n aangenome seun van Farao betaam. Iemand dus om mee rekening te hou.

Maar ook iemand met sy eie geheime agenda! En nogal ‘n agenda wat hy by God self gekry het. Maar omdat hy nie heeltyd na die stem van sy Here geluister het nie, het hy voor die tyd weggespring omdat die bergie in hom te lewendig was.

Maar nou praat ek dalk Grieks vir jou. Kom ek verduidelik.

Moses was deur God self bedoel om verlosser te wees van sy werklik eie volk, Israel. Het sy ma dan nie vir hom as jong kindjie vertel dat God hom gaan gebruik om sy plan met Israel te laat realiseer nie! Hy gaan die instrument wees.

Nou is hy al veertig en nog niks hiervan het gebeur nie! Daarom sê Hand 7 het hy doelbewus vir sy broers wat besig was om vir Farao te bou gaan kuier het. Om te kyk of hy nie hulle op die een of ander wyse kon laat insien dat hy die langverwagte verlosser is nie! Wat Farao se mag oor hulle gaan breek!

Sien die bergie in Moses het baie haastig geword en besluit: Nou is die tyd!

En toe hy daar aankom, sien hy die gulde geleentheid: ‘n Egiptenaar waag dit om voor hom een van sy broers onregverdiglik te slaan.

Kyk net hoe beskryf Eks. 2:12 dit ...

Hy maak soos enige goeie bergie betaam: Hy kyk eers wie kyk! En toe hy sien die regte mense kyk nie, slaan hy daardie ou dood!

Of dit nou God se goedkeuring sou wegdra, of dit Sy tyd was om die ratte van die verlossing te laat begin draai, maak nie eintlik vir ‘n bergie saak nie. Hy is te besig met sy eie ding om hom nog daaroor ook te bekommer.

Al wat vir ‘n bergie belangrik is wie kyk.

Miskien is dit ook jou probleem. Jy vang jouself gedurig dink of sê: Maar wat gaan die mense dink of sê?

Die rede waarom dit vir ons so belangrik is is omdat ons baie meer bewus is van die mense om ons as van God. God word mos vir ons soos ‘n spook. As jy Hom nie sien nie, dink jy nie eers Hy is daar nie!

En as jy boonop dinge in jou eie hande begin neem om te beweeg in die rigting wat jy dink dit moet loop, is jy nog meer blind as gewoonlik.

God is die laaste ding waaraan ‘n bergie dink!

Hoeveelste op jou lysie is God? Het jy dalk vriende, vennote, of familielede wat vir jou baie meer belangrik is as God? Dan wil ek jou vandag waarsku: Jy loop op baie dun ys! Hierdie manier van doen gaan vir jou nog alles kos wat na jou oordeel saak maak.

Moses, meneer “Iemand”, het dit baie gou ontdek in sy lewe. Want iemand wat nie moes sien nie, het gesien! En binne ‘n dag was Moses, die “Iemand”, Moses op “Police File”! Moes hy vlug vir sy lewe die woestyn in. Bankrot, sonder werk, sonder toekoms.

Met die gevolg  dat God hom vir 40 jaar in die woestyn moes skool om regtig oikonomos te wees. Daar agter die skape het Moses Iemand, Moses Niemand geword. Soveel so dat toe God hom in Eks 3 roep en sê: Nou is die tyd! Gaan en red My volk! moes Moses sê: Maar ek kan nie praat nie!

Na 40 jaar agter die skape met niemand om mee te praat nie, sou jy ook seker so gevoel het!

Maar eers dan is jy gereed om oikonomos te wees. Wat weet maar ek het niks om vir mense te gee wat enige verskil in hulle lewens kan maak nie. Net God en sy genade kan die verskil maak.

Dit wat jy belê om “Iemand” te wees, is baie keer die prys wat ons moet betaal om werklik “Niemand” te word. En as ons eers “Niemand” is, sterf aan ons self, noem die Bybel dit, kan God deur sy Gees Jesus in ons laat lewe wat ons oikonomos maak. Wat dan deur ons, in ons , op Sy tyd mense by die regte adres met die regte porsie genade kan te bedien.

Maar dan moet Hy volkome in beheer van jou lewe wees. Jy moet niemand wees sodat mense net Hom in jou lewe kan sien.

Daarom moet God ons eie plannetjies soms laat boemerang om ons op daardie punt te bring. Daarom moet dit wat jou tot dusver iemand gemaak het, soms in een oogwink verdwyn uit jou lewe sodat God jou enigste sekuriteit kan word. Daarom plaas God ons soms voor keuses waar ons moet kies dat net Hy die sekuriteit in ons lewe moet wees.

En dit is dan wat ons ook ons eie Moses-verhaal beleef. Dat ons ook ‘n prys moet betaal omdat ons aan die eenkant in die paleis wou woon, maar aan die anderkant tog ook self “Iemand” wou wees. Steeds bergie wou wees wat sy eie verskuilde agenda hier op die kant wou bedryf!

Soos ons reeds in die verlore seun se lewe gesien gebeur het, loop dit altyd uit op chaos!

In Matteus lees ons van ‘n ander “iemand” wat op die ingewing van die oomblik, as bergie gehandel het. Toe die soldate kom om Jesus te arresteer, pluk Petrus, Mnr Iemand, sy swaard uit en kap ‘n soldaat se oor af.  Net om te hoor: Sit terug jou swaard, en te sien hoe Jesus sy dade met ‘n wonder moet ongedaan maak.

En kort daarna moes Petrus Iemand deur ‘n verloënings-ervaring Petrus Niemand word wat nie eers werklik weet of hy die Here lief het nie.

Hoeveel keer handel die bergie in ons nie sommer op die ingewing van die oomblik nie! Pleks dat ons eers na ons Luisterkamer toe gaan  om te hoor by Vader wat sy hart is.

Maar daar is ook ‘n stuk troos in hierdie verhaal vir my: Al neem dit tyd om van meneer en mevrou Iemand meneer en mevrou Niemand te maak, maak God klaar wat Hy mee begin het!

Die tragedie is dat dit, as gevolg van ons hardhorendheid en hardkoppigheid, 40 jaar kan kos, soos in Moses se lewe!

‘n Baie toegewyde Chinese Christen het eenmaal geskryf: Voordat ons nie eers dienskneg geword het nie, kan Hy nie Here in ons lewe wees nie. Hy vra nie van ons om net ons gewig in te gooi in sy besigheid nie!

God vra van ons om te buig voor Sy wil. Eers dan kan Hy jou vertrou as oikonomos. Om mense met sy hemelse krag en genade te bedien. Sodat net Hy agterna die eer kan kry.

Noem die mense wat by jou werk jou ook “Baas”?

Dit pla my verskriklik. Alhoewel ek nou al soveel keer daaroor gepraat het, bly party van hulle maar steeds my so noem.

Maar wat my aangryp is hoe sommige van hulle nie net “Baas” sê nie, maar werklik “Baas” bedoel. Werklik uit hulle harte doen wat jy vra.

Noem jy Jesus Here in jou lewe? Maar, sê my, bedoel jy wat jy sê?

Hoe desperaat nodig het ons nie ‘n Luisterkamer in ons lewe waar ons werklik opreg vra: Here, wat wil U hê moet ek doen? nie!

Maar dan kry jy ook mense soos ou William wat vir my gewerk het. William het ‘n paar ure per week in my tuin gewerk. Gou-gou het ek agtergekom dat, vir hierdie voorreg, het ek en William ‘n ongeskrewe kontrak tussen ons: Hy werk vir my in die tuin, en ek moet vir hom al sy kaïngs uit die vuur uit krap. Ek moet vir hom help as hy agterstallig raak met sy rekeninge; optree as advokaat as mense hom bedrieg; dokter as daar siekte is; kos en klere gee as daar niks is nie. Soveel so dat ek besef het dat ek meer ure per week vir William werk as wat William vir my werk! En ek kry nie eers betaling daarvoor nie!

Besef jy dat dit tussen ‘n oikonomos en sy Here ook so gaan. God werk baie meer vir die oikonomos as wat hy/sy ooit vir God kan werk!

Daarom het ek vir jou die leuse van ‘n oikonomos in die nuusblaadjie neergeskryf wat lui:

God se besigheid is my besigheid.

Dit is God se besigheid om vir my te sorg.

Daarom hoef ek my oor niks te bekommer nie.

Ek wil jou aanmoedig om dit voor in jou Bybel te skryf vir daardie dag wat jy dit moet onthou.

Soos ek dit daar in 1985 moes onthou. Toe ons in Amanzimtoti met vakansie was een Desember, besig om Kersinkopies te doen. In ‘n groot winkelkompleks loop ons toe teen ‘n kleefbom vas! Tientalle mense is dood en baie beseer. Toe ons ongedeerd maar geskok by ons kar kom, onthou ek hoe ek met God baklei het oor wat gebeur het.

Ek onthou net hoe ek vir die Here gevra het waarom Hy ons na hierdie gevaarlike plek met sy mal mense gebring het? Ek het vir Hom gesê hoe bang ek is, en hoe magteloos ek voel om my en my gesin te beskerm teen sulke lafhartige aanslae.

Maar ek onthou ook die woorde van die Here daardie dag: My seun, vir wie werk jy? En ek het geantwoord: Here. U weet, vir U. Ek het by U in my Luisterkamer opdrag gekry om te doen wat ek moes doen. En ek weet dit is ook U wat vir ons hierdie vakansie met ‘n gratis strandhuis langs die see gereël het.

Waarop die Here gevra het: Hoe goed ken jy My? Dink jy Ek sal jou hierheen lei om jou te vernietig?

Nee, Here, moes ek antwoord. Dit is maar my ongeloof wat my dit maak glo het.

Is die werk wat jy vir My op aarde moet doen, afgehandel? vra die Here toe.

Nee, Here, het ek gesê. Dit is skaars die begin daarvan.

Nou ja, my kind, waarom is jy so bang? As jou besigheid is om My wil te doen, dan is dit My besigheid om na jou om te sien. Dan het jy mos niks om jou oor te bekommer nie.

Daar het my vrese vir geweld en bomme in een oomblik verdwyn. In so ‘n mate dat ek voor die Here besluit het om nooit enige wapens by my of in my huis ooit te hê nie. Dit is ‘n persoonlik keuse wat ek voor die Here gemaak het, in antwoord op Sy versekering in my lewe, en nie die wet van die Mede en Perse vir jou of vir enigiemand anders nie!

En dit was asof God self vir my en my gesin koeëlvaste onderbaadjies aangetrek het.

Miskien kom daar dae in jou lewe wat jy ook twyfel of God dit werklik sy besigheid maak om vir jou en jou gesin te sorg terwyl jy Hom dien. Onthou dan hierdie leuse!

Dit is net as ons steeds bergie is, Iemand probeer wees, met ons eie ding besig is, wat ons doodbang moet wees! In jou eie besigheid is jy verantwoordelik vir jou eie versekering en beskerming. Maar as Sy oikonomos, is dit Sy verantwoordelikheid! Jy doen dan maar net wat Hy vir jou vra .

# HOOFSTUK 8 NA 'N DRAAI IN NIEMANDSLAND KAN GOD ONS GEBRUIK

Ons Skrifgedeelte is Eks. 2:11 en verder.

Om presies daar te wees waar God wil hê jy moet wees, is die allerbeste plek vir ons om te wees.

Waarom sukkel ons dan so om te verstaan dat oikonomos-wees die sleutel tot 'n oorvloedige, oorwinnende lewe is? Vir soveel jare baklei ons almal vir 'n plekkie in die son, net om Meneer of Mevrou Iemand te wees, wat ons eie ding so suksesvol moontlik probeer doen. Omdat ons glo dit sal ons gelukkig maak. Dit sal bevredig.

Oppad boontoe luister ons na vriende en kollegas, en die nuutste reseppies vir sukses. Maar die Vriend des vriende, ons nuwe Besturende Direkteur en Sy Sekretaris, wat ons leer ken het toe ons Christen geword het, vermy ons so ordentlik as wat ons kan.

Ons is nie ongeskik teenoor hulle nie. Ons loer ten minste elke dag 'n paar minute in om te gesels. Maar selfs dan is dit net ons wat gesels. Van 'n werklik gaan sit en luister is daar nie sprake nie.

Dan spring ons op, groet haastig en storm die dag in, want daar is nog so baie om te doen, en so min tyd. Altyd so min tyd.

Terwyl ons deur die dag aan die draf bly, verbaas dit ons soms hoe leeg ons voel, en hoe betekenisloos dit waarmee ons so besig is, soms lyk. En dan is daar nog boonop hierdie stuk eensaamheid hierbinne, want waar is God dan?

Die een ding wat almal in die Iemand-familie in gemeen het, is hierdie gevoel dat ek altyd alleen is. Van 'n Pa wat elke oomblik by hulle is, met wie hulle kan gesels en wie hulle 100% kan vertrou, ervaar hulle bitter min.

So hou dit aan totdat ons op 'n dag by 'n kruispad in ons lewe kom. Waar ons besef maar so kan dit nie aangaan nie. Daar word ons gedwing om te kies wie ons verder wil wees. Want by hierdie kruispaaie in ons lewe, ontdek ons skielik ek is eintlik Meneer of Mevrou Niemand. Alles wat ek gedink het my Iemand gaan maak, het misluk. Ek is soos Moses. Skielik op "Police File", sonder werk, sonder sekuriteite.

En dan moet ek kies. Draai ek regs, kies ek vir 'n nuwe Baas, 'n nuwe Here en word ek oikonomos. Die Bybel sê dan begin ek vir die eerste keer werklik LEWE.

Maar kies Meneer of Mevrou Niemand links, word ons inwoners van Niemandsland.

Moses het gekies om links te draai en Niemandsland was sy voorland. Waar jy weet jy hoort nie eintlik nie. Jy bly vreemdeling, soos Moses self daar in Eks. 2:22 bely het met die naam van sy seun.

Niemandsland is woestynlewe in elke sin van die woord. Die werk wat jy daar doen is sleurwerk in elke sin van die woord. Jy doen dit omdat jy niks anders het om te doen nie, om te oorlewe. Elke dag staan jy op, gaan pas 'n klomp stinkende skape op, eet en gaan slaap, net om môre van voor af weer alles weer 'n slag te doen.

In Niemandsland woon mense wat oortuig is hulle is Meneer en Mevrou Niemand. Dit is wie hulle vir die res van hulle lewe gaan bly. En die inwoners het 'n paar dinge in gemeen:

‘n Ervaring van ‘n lewende God wat by hulle is en met hulle besig is, is na hulle eerlike mening mooi Sondagstories

Dat Hy hulle ook wil gebruik, klink vir hulle na bog

Asook die stelling dat ‘n mens sy stem kan hoor met jou praat

Daarom sit hulle in Niemandsland, weg van almal en alles. Sit hulle op hulle klippe en hou die skape dop wat vreet.

Miskien kan jy vandag hiermee identifiseer. Jou probleem is nie meer dat jy Iemand probeer wees nie. Jy het lankal op die harde manier ontdek wie jy werklik is. Jy is oortuig jy is Meneer of Mevrou Niemand. Jou gees hierbinne is êrens langs die pad gebreek. Jy is oortuig dat God jou net bedoel het om in die bank te sit om gevoed te word met die Woord, en om so ‘n bietjie geld in die sakkie te gooi.

Maar hierbinne weet jy van die hel wat jy beleef. Want die lewe in Niemandsland is in werklikheid hel van pure verveligheid, wat net aanhou en aanhou. Dit is ‘n lewe waar alles om jouself draai. Jy werk ... gaan huis toe om te eet ... sit voor die TV ... gaan slaap ... staan op ... gaan erediens toe ... gaan huis toe. Net om môre weer te gaan werk.

Jy voel om op te staan en uit te skreeu: Maar is daar dan niemand wat my kan uitred uit hierdie woestyn van nutteloosheid nie!

Die ironie is dat daar letterlik miljoene wag vir iemand soos jy! Drie en ‘n half biljoen mense om presies te wees. Van die bykans vyf biljoen op aarde. Sowat een en ‘n half biljoen ken reeds die Persoon wat ‘n verskil kan maak in ‘n mens se lewe, Christus Jesus. Maar dit los nog drie en ‘n half biljoen wat in die Egipte van die bergies sit en wag op ‘n Verlosser.

Maar solank ons Meneer en Mevrou Niemand in Niemandsland is wat net elke dag oorleef, gaan hulle vasgevang bly in die hel van bergie-lewe. Om aan die einde van hulle lewe op die ashoop van die hel te beland.

Kan ek vir jou vra: Hoeveel bergies het jy al na Jesus gelei? Ek vra nie hoeveel geld het jy al gegee sodat iemand anders ander na Jesus kan lei nie. Ek vra hoeveel het jy al na Jesus gelei?

Ons betaal ander mos om ons werk te doen. Solank ons kerk toe kom, en ons deeltjie in die gemeente doen, het ons ons deeltjie gedoen.

Hoeveel mense in hierdie gemeente lei werklik mense na Jesus op ‘n gereelde basis?

Besef jy dat die gemiddelde predikant tussen 1 tot 8 mense per jaar na Jesus toe lei, terwyl 226 van sy gemeentelede oortuig is dat hulle Meneer en Mevrou Niemand is wat God nie kan gebruik nie.

Praat jy met daardie 226 daaroor het hulle baie antwoorde gereed. Hulle sal jou vertel dat hulle besig is met hierdie wonderlike kursus of daardie Bybelstudie wat werklik baie vir hulle geestelike lewe beteken. Hulle is besig om te groei, sê hulle vir jou.

Maar intussen is die lande ryp met die oes, maar die wat moet oes is in Niemandsland.

Lanny Wolfe het ‘n liedjie hieroor geskryf :

There is peace and contentment in the Father’s house today; lots of food on His table and no one is turned away;

There is singing and laughter as the hours pass by,

But a hush calms the singing as the Father sadly cries:

My house is full, but my field is empty;

Who will go and work for me today?

It seems my children all want to stay around the table,

But no one wants to work in my field today.

Push away from the table, look out through the window pane;

Just beyond the house of plenty lies a field of golden grain;

And it's white unto harvest but reapers, where are they?

In the house, Oh, can't the children hear the Father sadly say:

Who will go and work for me today?

It seems my children all want to stay around my table,

But no one wants to work in my field.

No one wants to work,

No one wants to work,

Who will go and work in my field today?

Solank ek en jy voel ons kan niks vir God beteken nie, niks vir Hom doen nie, sê ons vir Hom Hy het ons bedoel om net Meneer en Mevrou Niemand vir die res van ons lewe te wees. Dat Hy, toe Hy ons gemaak het, eintlik gemors gemaak het wat niks vir iemand kan beteken nie.

As Meneer en Mevrou Iemand êrens by 'n kruispad ontdek het dat hulle Meneer en Mevrou Niemand is, hoef hulle nie Niemandsland toe te draai nie. Hulle hoef dit maar net te bely en hulleself aan te bied om oikonomos te wees.

Dan kan die lewende God kom deur Sy Gees en Meneer en Mevrou Niemand toerus met al die hemelse gawes wat hulle nodig sal hê om Hom effektief te dien. Dan hoef hulle maar net die eerste treë te gee op daardie regterkantse pad, terug na Bergie-land. Waar drie en 'n half biljoen bergies, met al hulle seer, pyn en leegheid, wag op iemand wat omgee.

Daar by die kruispaaie in ons lewe staan die lewende God wat dit kan doen. Wat vir jou lewe nuwe sin en betekenis wil gee. Nuwe rigting.

Vir baie is 'n ontmoeting met die lewende God 'n verskrikking. Dit kan die lewe van 'n Meneer en Mevrou Niemand totaal omvergooi. Alles is so veilig en doodgewoon daar in Niemandsland. Dit is mos maklik om net skape op te pas, om te sorg vir jou familie, net te lewe. In Niemandsland wil niemand 'n verskil maak of anders wees nie. Jy bestaan net. En probeer so min golwe maak as moontlik.

Dan stap God op 'n dag jou lewe binne, soos met Moses daar in Eksodus 3 gebeur het. En Hy kom staan voor jou, kyk jou in die oë en sê: Ek het jou nodig. Dit is nou My tyd.

Dan weet jy: Dit is nou nag vir ‘n Meneer en Mevrou Niemand. Jy sal moet keer vir al wat jy werd is of jou rustige, vervelige lewe is daarmee heen.

Daarom hoor ons hoe Moses Niemand vier keer verskoning maak dat God hom liewer moet verby gaan:

1. Ek het misluk in die verlede

2. Ek weet nie genoeg van U af om oor U met ander te gaan praat nie

3. Ek gaan verwerp word

4. Ek kan nie goed praat nie

Die ironie is dat nie een van hierdie verskonings waar is nie. Maar dit is die manier hoe Moses, en ons, onsself sien daar in Niemandsland.

Agter hierdie vier verskonings is daar eintlik net twee redes waarom ons nie God se oikonomos wil wees nie. Die een is ons vrees vir mislukking. Ons verkies die lewe wat ons ken, en waar ons weet ons kan. Maar hierdie nuwe lewe is te groot risiko.

Maar die tweede rede is dat ons sukses vrees. Sê nou ons kry reg wat God van ons vra! Dit gaan mos ‘n prys kos. Dink net wat gaan gebeur as die Farao die volk laat gaan? Dan het Moses ‘n kolossale “job” op hande! Daar gaan nie tyd wees vir skape oppas nie en prentjies sit en kyk in die wolke nie. Dan sal hy ‘n hele volk moet lei. Dankie, maar nee dankie. Dit is te veel gevra vir vel en been.

Die tragedie is dat Moses nooit dink aan die twee miljoen Jode en hulle lyding in hierdie hele tyd nie. Sien, vir Meneer en Mevrou Niemand maak dit nie regtig saak hoeveel mense om hulle ly terwyl hulle daar in Niemandsland sit nie.

Is jy ook soos Moses? Watter verskonings gebruik jy om vir Hom te sê om liewer iemand anders te gaan soek? Miskien voel jy jy is nie ver genoeg geleerd nie. Of miskien het die bose een van sy goeie nommertjies op jou getrek wat jou laat sê: Maar, weet jy, ek is nie eintlik die soort wat kan praat nie. Ek is eintlik ‘n baie skaam en teruggetrokke mens. Terwyl jy weet dat al wat jou skaam en teruggetrokkenheid eintlik is is ‘n skild wat jou van mislukking of te veel sukses beskerm.

Miskien voel jy jou verlede is te groot gemors gewees, of jou gesondheid is nie meer wat dit moet wees nie, of miskien is jy te oud of dalk te jonk. Jy wil veel eerder net Meneer of Mevrou Niemand bly.

Maar God het ‘n manier om ons tot ander insigte te bring. Hy is soos daardie verkoopsman met sy voet in die deur wat net nie Nee vir ‘n antwoord aanvaar nie. Al sê jy vir Hom Hy kan maar liewer iemand anders gaan soek om sy werk te doen.

Luister maar net na sy antwoord daar in vers 14-17.

Al wat ons aanmekaar hoor is: Jy..joune .. jou. Want God weet ‘n mens plus God is vir enige taak genoeg! God is hier en Hy het sy mens vir die “job” gekies. Daar is dus niks wat dit werklik kan keer nie.

God roep jou nie om vir Hom te werk nie. God roep jou om oikonomos te wees. Daarom moet jy Hom toelaat om Here, Meester in jou lewe te wees. Jy hoef net agter Hom aan te stap.

Kom ek sluit af deur vir jou te vertel van die meisie wat deesdae die kok is by kampe van een van die grootste selgemeentes in die wêreld in Singapoer.

Sy het groot geword in ‘n Buddiste gesin. Toe sy haar matriek druip, het sy die hyser in ‘n besigheidsentrum geneem, tot bo gery, en toe van die dak gaan afspring. Feitlik elke been in haar liggaam was gebreek, maar sy was nie dood nie. Dae lank was sy in opstand, maar ‘n verpleegster wat juis verpleeg het omdat sy oikonomos wou wees, om so bergies uit gevangenskap uit te lei, het haar vir weke met groot liefde verpleeg en bedien.

Uiteindelik het die Woord deurgebreek in hierdie meisie se lewe en sy het Jesus aangeneem as Verlosser.

So stap sy uit daardie hospitaal ‘n nuwe mens, al was dit met ‘n baie stukkende liggaam, want sy kon nie meer behoorlik stap nie. Iemand moes haar heeltyd help om haar balans te behou, so uit proporsie was alles na die val.

By daardie kamp bedien die leier toe die Woord dat God ‘n bediening vir elkeen van ons het. Met trane in haar oë kom sy toe vorentoe na die tyd en sê: Ds, ‘n pragtige boodskap maar ek het ‘n probleem: Hoe kan die Here iemand soos ek gebruik? Ek is ‘n regte Mejuffrou Niemand.

Waarop die leier vir haar sê: Maar jy maak ‘n fout. Ek het nog nooit Chinese kos geproe soos die wat jy gaar maak nie. Net in hierdie maand het drie groepe oral in Singapoer my gevra of ek nie weet van ‘n goeie kok wat vir hulle kan kook by hulle kampe nie. Besef jy dat die Here aan jou die bediening van diens gegee het? Gaan en bedien ander soos jy ons hier bedien het.

Dit was die begin van ‘n lewenslange voltydse bediening vir daardie meisie met haar stukkende liggaam. Eers in Singapoer, maar stelselmatig die hele wêreld vol.

Miskien hoor jy ook vandag die Here se stem wat roep: JY ...JY ..moet My oikonomos wees.

Dit gaan jou hele lewe verander. Maar weet ook dat jy vir God so belangrik is dat Hy nie gaan ophou vra nie. Jy kan dit net die begin daarvan uitstel tot later. Maar intussen moet duisende en duisende bergies aanhou klippe kap en klippe kou in Egipte totdat jy gereed is om in Sy Naam Farao aan te vat.

Sê vir my, wanneer begin jou lewe as oikonomos? Wanneer gaan jy soos Jesaja sê: Here, hier is ek. Stuur my!

# HOOFSTUK 9 GOD IS BESIG OM ‘N NUWE GESLAG BEDIENAARS OP TE RIG

God is besig om ‘n nuwe geslag bedienaars op te rig. Hy maak hulle oë oop vir wie Hy is, en vir wie hulle is, en rus hulle toe met die gawes van Sy Gees om Hom sonder voorwaardes te dien en gehoorsaam te volg waar en hoe Hy ook al verlang.

Daarom stap Hy in ons lewens in, vertoon Homself aan ons, wys vir ons Sy hart en Sy begeerte om ons ook sy kinders te maak. Vir ‘n tyd verstaan ons nie, maar op ‘n dag, deur die genadewerking van die Gees van God in ons lewe, begin dit alles net vir ons sin maak, en ons gryp dit vas in geloof.

Op daardie dag word ‘n bergie kind van die Koning van alle konings.

Maar dit is maar net die begin. Nou pak die Vader die bergie in die hart van sy kind om hom of haar mettertyd geskik en gereed te maak om as Sy oikonomos tussen ander bergies te gaan lewe. Om Sy genade in die regte porsies by die regte adres af te lewer op die tyd wat die Vader beveel.

Dit is in wese ‘n suiweringsproses hierdie, ‘n heiligingsproses. Die bergie in ons maak dat ons Meneer en Mevrou Iemand wil wees met ‘n suksesvolle besigheid van ons eie. En dan het ons eenvoudig net afskeeptyd om die Vader te dien.

Daarom laat God die planne van die bergie in ons altyd op ‘n manier boemerang. In plaas van ons iemand te maak, maak dit van ons niemand. Maak dit van ons mense wat maar alte bewus is van sy mislukkings en sy stukkende menswees.

Die Vader gebruik hierdie hard-aarde-toe-kom-geleenthede werklik met vrug in ons lewe. Nie om ons gesig nog dieper in die modder van mislukking te smeer nie, maar eerder om ons oë op Hom te vestig en ons op die punt van totale oorgawe te bring. Om Hom nie net as Verlosser in ons lewe toe te laat nie, maar nou ook as Here.

Want eers as Hy alleen Here in ons lewe is, is ons gereed vir oikonomos-lewe, ‘n lewe van diens.

In Moses se lewe het ons gesien dat solank ‘n gelowige Moses nog Meneer Iemand wil wees, was daar nie regtig ‘n intieme, liefdesverhouding met die Hemelse Vader moontlik nie. Hy was nog heeltemal te belangrik en in beheer van sy eie lewe om tyd te maak vir luister na die hart van die Vader. Hy het nog te veel eie plannetjies en oplossings vir elke probleem gehad.

Dit is eers as al daardie plannetjies op niks uitloop en hy by die veelbesproke kruispad in sy lewe te staan kom, wat hy geleentheid kry om weer ‘n slag te kies wie hy wou wees vir die volgende seisoen in sy lewe.

Daar by die kruispaaie in ons lewe, as Meneer en Mevrou Niemand, moet ons kies vir God se plan vir ons lewe of teen God se plan. Gaan ek nou doen wat Hy sê en Lewe met ‘n hoofletter; of gaan ek maar vir nog 40 jaar in Niemandsland sit en elke dag net oorleef, net bestaan?

As ons gekies het om God alleen as Here in ons lewe te dien, Hom toe te laat om al die bevele te gee en planne te maak, gebeur daar iets ongeloofliks: Daar ontstaan daar ‘n nuwe, intieme liefdesverhouding tussen ons en ons Hemelse Vader. Daar word die rebelse tiener, volwasse genoeg om werklik lief te hê.

Ons sê so maklik vir God ons het Hom lief. Ja, dat ons bereid is om Hom te dien sonder om werklik te begryp wat ons sê.

Moses het dit ook maar gedoen. Kyk maar daar in Eks. 4:10 hoe maklik praat hy van homself as God se dienaar. Maar ek en jy weet dat dit net woorde was. Dit is net soos wanneer ons ons briewe afsluit met U dienswillige dienaar! Van ‘n ware dienswillige dienaar-gesindheid is daar maar min sprake in ons hart!

Maar as Eks. 14:31 praat van Moses as dienaar van God, dan is dit ‘n prentjie van ‘n ander kleur. Want intussen het daar ‘n nuwe soort interaksie tussen God en Moses, ‘n nuwe intieme liefdesverhouding ontstaan. En die vrug uit hierdie verhouding het ‘n hele volk in beweging gebring.

Moses het werklik oikonomos geword. Eers toe kon God se krag deur en in hom aan die werk kom.

God gee nie Sy krag sodat ons dit in ons kan stoor vir wanneer ons dit eendag nodig kry nie. Ons werk nie soos flitsbatterye wat krag kan bêre in ons vir ‘n jaar of langer nie. Nee, ek en jy is soos kragdrade. Niks kan gebeur as ons nie aan die eenkant by ‘n lewende kragprop en aan die anderkant by ‘n gloeilamp ingeprop is nie. Eers dan ervaar ons die vloei van krag deur ons.

God se oikonomos ontvang eers die krag om gevangenes vry te maak uit gevangenskap as hulle voor ‘n prisonier te staan kom!

Moet dus nie sê: Maar ek het nie die krag of die vermoëns om bergies te gaan vrymaak nie! Jy het dit nou nie, maar dit sal daar wees as jy dit nodig het. Nie ‘n oomblik voor dit nie!

Na Eks. 14:31 noem die res van die Skrif Moses dienaar van God. Vir meer as 35 keer. Kyk byvoorbeeld daar in Jos. 1: 2, 7, 13, 15. Selfs sy grafskrif sê: Dienaar van die Here.

Om dienaar van die Here te wees beteken dat jy ge-commit is om te doen wat jou nuwe Koning sê. Maar aan die anderkant beteken dit dat die Here “ge-commit” is aan Sy dienaar om alles te verskaf wat jy nodig het terwyl jy Hom dien.

Toe Moses met Farao onderhandel het, het die Here die water van die Nyl bloederig en ondrinkbaar gemaak. Maar toe Moses en die volk daar in die woestyn hulle teen bitter, ondrinkbare water vasloop, beveel God vir Moses om ‘n rots te slaan en ‘n stroom drinkbare water stroom daaruit.

Hierdie selfde Here maak later manna uit die hemel val, laat die wind ‘n swerms kwartels met gereelde reëlmaat die kamp van Israel binnevlieg. Vir die res van sy lewe ervaar Moses hoe hemelse krag deur hom as kanaal stroom tussen God en sy volk in elke situasie. Skoene en klere het vir veertig jaar nooit in die woestyn verweer nie; vyande is letterlik deur die aarde opgeslurp; probleme het soos niet voor die son verdwyn.

Weet jy, dit is die soort lewe wat God vir elkeen van sy nuwe geslag bedienaars bedoel het. En die sleutel tot hierdie soort lewe is “gehoorsaamheid”, totale gehoorsaamheid.

Dit kom nie sommer vanself in die lewe van ‘n oud-bergie nie, soos hoevele mense al moes leer langs die lewenspad. Dink maar net aan Petrus. In Hand. 10 is dit 12:00 en tyd vir middagete, en Petrus is werklik honger. Net daar gryp God hom vir ‘n vinnige les in totale gehoorsaamheid. Hy gee hom hierdie visioen van ‘n laken wat uit die hemel neersak vol onrein diere. Dan sê die Here: Gaan, maak dood en eet soveel as wat jy wil.

En wat sê Petrus, alias oud-bergie? Nee, Here, nee!

Dit is soos om te sê iets is spierwit-swart, of piknag-lig! Hoe kan jy waag om Hom Here te noem, as jy vir Hom “nee” sê!

‘n Oikonomos moet leer om elke keer as God praat “ja, Here, ja” te sê. Ek wil dit die gehoorsaamheidsbeginsel noem.

Kom ek wys vir jou dit in Moses se lewe daar in Eks. 4:4, 6, 7, 19 en 20.

Dit is totaal onmoontlik om "Nee" te sê as jy onmiddellik begin doen wat God sê. So hoort dit immers in iemand se lewe waar God "Here" geword het.

Ek wil jou vra hoeveel keer laat jy toe dat omstandighede Here in jou lewe is? Jy laat toe dat dit jou buie en jou optrede bepaal. Maar as die Here werklik Here geword het, is ons nie meer prooi van omstandighede nie. Nee, ons buig eerder voor Hom wat ook omstandighede plooi soos Hy dit wil, en dan is ons vry om net oikonomos te wees.

Het jy al hierdie beginsel vasgegryp in jou lewe? Het jy werklik gekies om die Here onvoorwaardelik te volg?

Miskien moet ons daarom net weer 'n keer luister na dit wat daar in Eks. 3:14 staan toe God Sy persoonlike Naam aan Moses gegee het: Jahwe. Wat beteken "Ek sal in elke situasie alles wat nodig is wees".

Hoe het Moses in sy lewe nie hierdie woord sien waar word nie! Toe hy voor sy siniese landgenote te staan gekom het, het God hulle oortuig; maar so ook vir Farao; selfs die Rooi See moes die knie voor hierdie God buig; asook die honger en dors in die woestyn; en vele kritiese mede-familielede.

Sien, daar is een ding in die wêreld wat 'n selfgemaakte mens sand in die oë  skop en dit is 'n Godgemaakte mens.

Die lewe van 'n oikonomos is 'n lewe van onverskrokke vertroue in 'n God wat alles sal gee wat nodig is. Soms is dit anders as wat ons gedink het nodig is. Ons kyk mos net vas teen kos en klere, maar God het perspektief, daarom verskaf Hy wat ons werklik nodig het. Hy het dit ernstig bedoel toe Hy Homself verbind het tot ons totale behoefte-wêreld!

Moenie dink dat dit altyd maklik gaan wees nie. Daarom vertel Jesus self die gelykenis daar in Luk. 17:7-10.

Kyk mooi wat hier staan.

Stel jou 'n boer voor wat net een dienaar het wat vir hom werk. Kom ons noem hom 'n "jack of all trades", 'n regte 'handyman", soos dit tipes in Jesus se tyd die geval was.

Toe die werker pas uit die veld teruggekom het na 'n lang dag in die bloedige son, word hy nie toegelaat om eers te sit en te eet nie. Nee, hy moet dadelik inval agter die kospotte om vir sy meester aandete voor te berei. Dan word daar van hom verwag om sy meester te bedien voor hy self kan gaan sit en eet. En boonop sê die meester nie eers dankie as hy opstaan en uitstap nie. Sien, die dienaar doen eintlik net wat hy veronderstel is om te doen. Dit is immers sy werk!

Ek en jy is so gewoond om "Nee, Here, nee" te sê, dat, as ons by geleentheid Hom gehoorsaam, meen ons ons verdien 'n medalje. Jesus sê hier dat ons nie outomaties bonusse moet verwag as ons net doen wat ons behoort te doen nie.

Dit is nogal 'n mondvol vir die meeste van ons. Ons is maar almal vasgevang in 'n tipe voorspoedsteologie. Ons is so gewoond om te sê: Here, ek gee elke maand my tiende. Skenk asb vir my hierdie verhoging! Of "Here, ek woon elke erediens en Bybelstudie by. Ek verdien goeie gesondheid uit U hand."

Al wat die Vader daardie tye vir ons sê is: Die oomblik toe My besigheid jou besigheid geword het, het Ek 100% verantwoordelikheid vir jou geneem. Ek verskaf alles wat jy nodig het: Krag en genade. Vertrou hierop, al lyk dit vir jou asof Ek nie betyds is nie.

Ek lees van ‘n prediker wat dit begin verstaan het. Na ‘n preek kom iemand na hom toe en sê: Dit was ‘n uitstekende, kragtige boodskap! Hy dink ‘n oomblik na en antwoord toe: Ja, dit was werklik ‘n kragtige boodskap, nè!

Begryp jy wat hierdie man gesê het? Hy erken hiermee dat hy niks spesiaal is nie. Hy was maar net kanaal waardeur die Here self hierdie kragtige boodskap gebring het. Hy was maar net boodskapper. God is die uitstekende God wat maar net deur hom gewerk het.

Daar in Fil. 2:7 lees ons die volgende oor Jesus ...

Het jy opgemerk dat Hy ‘n doelbewuste keuse gemaak het? En nou sê vers 5 ...

Om oikonomos te wees begin met ‘n doelbewuste keuse in ons lewe.  Miskien dink jy: Maar ek kan nie. Ek kan net nie so ‘n keuse maak nie. Ek kan net nie!

Daarom wil ek jou herinner aan daardie dag toe jy Christen geword het. Het jy van daardie oomblik af dit reggekry om elke oomblik van die dag soos ‘n Christen te lewe?

Natuurlik nie, maar nogtans het jy daardie keuse gemaak en dit het jou hele lewe verander.

Ons het dus al ‘n keuse gemaak toe ons onsself 100% ge-commit het om kinders van die lewende God te word. Nou vra God ons net om ons 100% te commit om oikonomosse te word van hierdie God in ons lewe.

Die oomblik as jy “Ja” sê, sit God sy kant van die kragtoevoer aan. Kom Hy deur Gees in ‘n staat van gereedheid vir aksie. As jy jou hand uitsteek na ‘n bergie in nood en daar kontak is, begin die krag uit die hemel deur jou vloei.

Die tyd van voorbereiding is verby. God wil dat die Lewe in ons elkeen begin. Hy wil dat ons ons hande sal uitsteek na mense in nood en pyn. Sodat wanneer ons hulle aanraak, God se krag en genade deur ons na hulle kan begin vloei om hulle daar waar hulle seer het, daar waar hulle behoefte het, te bedien. God wil dat ek en jy moet kies om oikonomos te wees.

Is jy gereed om te kies?

# HOOFSTUK 10 SEGULLAH-MENSE

Na hierdie 9 weke ervaring in die luisterkamer, het die Here elkeen van ons op ‘n punt gebring waar ons moes kies om die Lewe in hoofletters te leef. Waar ons moes sê: Vader, ons wil nie net U kinders wees nie, ons wil U ook dien! Ons kies om oikonomos te wees en U eerste in ons lewens te laat wees vir die res van ons lewens.

Jesus ons Verlosser het Here in ons lewe geword. En eers dan kan ons verwag dat Sy krag en genade gereedstaan vir wanneer ons in Sy Naam ander begin dien.

Onthou, dit gaan nou oor bediening, en nie meer oor net “om vir die kerk te werk” nie. Want vir die eerste keer in jou lewe begryp jy dat jy deel is van God se Leërmag in hierdie wêreld. Dat jy deel is van ‘n nuwe geslag Bedienaars wat die Here self deur die werking van Sy Gees oral in hierdie wêreld plant om die bergies om ons te bedien met Sy bonatuurlike genade en krag.

En jy gaan beleef hoe Hy jou ook begin gebruik. Omdat jy Hom toegelaat het as Here in jou lewe, gaan Hy deur die werking van daardie selfde Gees presies vir jou sê hoe en waar en wanneer jy moet bedien. Jy moet net genoeg tyd in die Luisterkamer spandeer om mooi te luister wat Hy sê.

Hier in die gemeente gaan ons jou daarmee help. Hier gaan ons saam bedieningsmeganismes skep wat dit vir ons maklik maak om werklik bergies in die gemeenskap as die Here se nuwe geslag Oikonomosse te bedien daar waar hulle werklik dit nodig het.

Daarom, kom luister wat die Here hieroor daar in 1 Pet. 2:9 vir ons sê. Dit is hoe Hy ons elkeen sien.

In die Grieks staan hier dat ons God se eiendom is. En die woord “eiendom” kan ons ook in ander kontekste as “kosbare eiendom” of “waardevolle skat” vertaal. In die Hebreeus is die woord hiervoor “segullah” wat ook as juweel vertaal kan word. Dit kom in baie van die Psalms asook in ander gedeeltes van die Bybel voor.

Een van hierdie wonderlike gedeeltes wat ek sommer so vinnig onthou is Mal. 3:17.

Sel jou ‘n koning voor wat deur sy koninkryk ry, en oral net die beste en kosbaarste goue en silwer voorwerpe en juwele vir hom bymekaar maak vir sy eie privaat versameling by die paleis. Dit sal dan sy segullah genoem word.

Die koning maak nie net hierdie segullah bymekaar nie; hy sit dit dan ook in ‘n spesiale segullah- kamer, met ‘n wag by die deur wat sorg dat die segullah nie gesteel word nie. Verder word die kamer met sy segullah gereserveer net vir die koning self. Niemand anders mag daar in gaan nie.

Jy, my vriend en vriendin, is deel van God se segullah! Omdat jy werklik oikonomos geword het met jou hele menswees.

Daar in 1 Kor. 3 sê Paulus dat daar in God se koninkryk mense is wie se bouwerk van hout is, of gras of strooi is. Wat gaan verbrand as God se vuur van beproewing en oordeel kom.

Maar dan is daar diegene wie se bouwerk, se bediening in God se oë is asof hulle met goud in ander mense se lewens inbou, of met silwer of met kosbare edelstene. Sulke bouers, bedienaars is God se segullah.

Tussen God se mense is daar kinders van die Here wat in hulle harte nog ‘n Meneer of Mevrou Iemand is. Daar is ander wat nog Meneer of Mevrou Niemand is. In wie se lewens, as die druk en die hitte opgedraai gaan word, nog rook gaan staan!

Maar dan is daar ‘n nuwe geslag mense. Wat ontdek het wie hulle is in Christus Jesus. Dat hulle kinders is van die Koning van alle konings. Wat die hart van God ontdek het, en gekies het om oikonomos vir die res van hulle lewe te wees. Hulle is die segullah-volk van God. Sy kroonjuwele!

1 Pet. 2:9 sê dat God elkeen van hulle uit die donker na die lig gebring het. Hy het ons letterlik gaan uitgrou daar waar ons in die ashope van die wêreld, en in die donker dieptes net lê en oorleef het.

En, sê vers 5, Hy ‘het ons ‘n nuwe geslag priesters gemaak, ‘n heilige priesterdom. Met een opdrag: om offers te bring, “geestelike offers”, want alles wat vlees is se stank kan ons God nie verdra nie. M a w net dit waar die Gees van God deur ons sekere dinge doen, gaan die reuktoets deurstaan en aanvaarbaar wees vir die Koning van alle konings.

Maar, sê vers 9, julle is nie sommer net gewone priesters nie: julle is die priesters van die koning, priesters uit die koninklike familie. Julle het immers seuns en dogters van die Koning geword. As julle tussen mense rondbeweeg, verteenwoordig julle die Koning tussen daardie mense.

‘n Priester het twee funksies: By die koning van alle konings verteenwoordig hy/sy die bergies van hierdie wêreld. En tussen bergies verteenwoordig hy/sy die heilige, liefdevolle Koning van alle konings.

Met ons een hand hou ons aan God vas, en met ons ander hand hou ons die bergies om ons vas. Dit is wie die segullah is. Met hierdie stuk “heilige gespletenheid” leef ons dag vir dag saam.

En die enigste manier hoe ons daarmee kan saamleef is deur dienaar te wees. Die oomblik as ons weer ‘n Meneer Iemand of ‘n Mevrou Niemand probeer wees, kan ons nie meer dien, oikonomos wees nie.

In die Ou Testament het elke priester met kaal voete sy werk gedoen. Selfs die Hoë priester wat pragtig aangetrek was van bo tot onder, het sy werk kaalvoet gedoen. Kaalvoet was die simbool van dienskneg, oikonomos wees.

Weet jy, dit is waarom God vir Moses aangesê het om sy skoene daar by die braambos uit te trek.

Blaai saam met my na Heb. 7:25 waar hierdie waarheid vir ons in ander terme oorgesê word. Jesus word hier beskryf as die Hoë Priester van ‘n Nuwe Verbond. En Hy moet twee dinge doen:

Hy is in staat om die wat deur Hom na God gaan eens en vir altyd te verlos. M a w Hy moet mense na God trek.

En Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree. Hy verteenwoordig hulle by God.

Jy is oikonomos-priester! Met dieselfde werk as Jesus. 1 Pet. 2:9 beskryf jou werk in detail: Ons moet tussen die bergies om ons in beweeg om vir hulle te vertel van die wonderlike kante wat ons van hierdie wonderlike nuwe Koning ontdek het. Hy wat ons uit die ashope van die wêreld opgetel en nuut gemaak het!

Watter prys dit ook al kos om dit daar tussen hulle te doen, daardie prys kies God se segullah-mense om te betaal.

Want ons model, sê Paulus daar in Fil. 2:8, is Jesus. Hy was bereid om ‘n kruis vir ons te dra. Laat hierdie selfde gesindheid ook nou in julle wees, sê hy dus vir ons.

Miskien sal 'n voorbeeld uit ons wêreld hier van pas wees. As ons mense help om terminale pasiënte by te staan, is van die eerste dinge wat ons hulle leer om nooit enige druk op so 'n mens uit te oefen nie. Gee vir hulle net liefde, sê ons altyd vir hulle. Liefde kan die bril wees waarmee hulle miskien vir die eerste keer werklik Jesus raaksien.

Maar nie al die studente doen dit nie.

So hoor ek van 'n persoon wat  na 'n terminale pasiënt toe gegaan het in die hospitaal wat ateïs was. In plaas van net liefdevol die persoon by te staan, het hy hom begin druk om Jesus te aanvaar as Verlosser, want dit is sy laaste kans om dit te doen.

Skielik ontplof hierdie man en hy begin vloek en skel: "Julle Christene is ook almal dieselfde" skreeu hy. "Julle maak my so woedend. Julle is so bekommerd oor die hel, maar het geen idee wat regtig 'n mens pla nie! Besef julle ek het 'n vrou? Wie dink julle gaan vir haar sorg as ek dood is? Wie gaan haar help om vir my dogter se studies op skool te betaal? Alles wat ek gehad het, moes ek aan dokters- en hospitaalkostes uitgee hierdie afgelope tyd. Ons kan selfs ons huis verloor. En nou kom jy hier en is bekommerd oor die ewigheid! Gee pad! Gee pad hier!" En hy het hom letterlik by daardie hospitaalkamer van hom uitgeboender.

Gelukkig het die storie 'n gelukkige einde gehad. Die leraar van daardie Christen gaan toe 'n paar dae later saam met hom na die hospitaal nadat hulle saam gebid het oor 'n strategie hoe om daardie man se behoeftes werklik as God se segullah-priesters te bedien.

Die Christen vra toe verskoning dat hy so ongevoelig was die vorige keer toe hy hom besoek het. " Maar" gaan hy verder "ons het net vir jou kom sê ons gaan jou op die volgende manier in die Naam van Jesus help: Totdat jy sterf sal die gemeente die paaiemente van jou huis betaal as jy dit nie kan doen nie. En as jy sterf, sal een van die eiendomsagente in die gemeente die huis vir jou vrou verkoop en haar kommissie in kontant aan jou vrou gee. Ons het intussen vir jou vrou as opsigter by 'n woonstel werk gekry waar sy vrye inwoning kry saam met 'n salaris van R2000 per maand as sy die huur insamel in daardie gebou. As jou dogter probleme het om by die skool te kom of geld nodig het, sal ons enige tyd ook daarmee help."

Sien, wat die koste ook al is, sal God se segullah-mense moet betaal om priester te wees!

Jy is God se segullah-mens. Is jy altyd bereid om te gee wat dit kos?

Eks 28:4 beskryf die gewyde klere wat Aäron die hoëpriester moes aantrek. En dan staan daar dat deel hiervan ook 'n serp was. Maar dit was nie 'n gewone serp soos ons dit ken nie. Dit was 'n handdoek wat lank genoeg was om om sy heupe te bind en nog tot op sy voet te kon hang. Die slawe het dit gebruik om die mense  se voete af te droog nadat hulle dit gewas het.

Alle priesters moes dit dra, staan daar in vers 40 van dieselfde hoofstuk. M a w behalwe vir sy kaalvoete, het die handdoek om sy middel elke priester help onthou dat sy werk in wese bediening is.

In Joh. 13:5 lees ons dat Jesus hierdie selfde handdoek om sy middel gebind het en sy dissipels se voete begin was en afdroog het. Tipiese Priester!

In Op. 1:13 teken God vir ons 'n portret van Jesus, en wat dra Hy? As Jesus weer kom, dra Hy 'n goue handdoek om sy middel. Waarvoor gaan Hy dit dan gebruik? Luk. 12:37 antwoord ons ...

Op daardie dag gaan Jesus kom en elkeen van sy Segullah-mense aan daardie tafel kom bedien. Hulle van wie Mat. 25 praat wat ...toe iemand honger was, vir hulle kos gegee het, en toe iemand dors was vir hulle iets gegee het om te drink; en toe iemand klere nodig gehad het, vir hulle klere gegee het ...

Het dit jou nie ook al opgeval dat hierdie segullah-mense dan gaan sê dat hulle nie eers kan onthou dat hulle dit gedoen het nie! Sien, hulle het nie boek daarvan gehou nie. Hulle het maar net die wil van God gedoen en God se liefde en God se krag en God se genade deur hulle na ander in nood laat vloei.

Maar wat hulle nie besef het nie, was dat God telling gehou het!

Kan jy jouself indink hoe dit gaan wees? As jy by daardie Feesmaal van alle feesmaal aankom, dat Jesus daar gaan staan, en vir jou gaan sê: Sit, my Segullah-mens. Laat Ek jou voete was. Jy is tog my Segullah-mens, en hierdie Saal is my Segullah-kamer.

Gaan, segullah-mens, en gaan dien ander met die genade en liefde van jou Vader!

# BYLAAG

# SELBYEENKOMS NO 1

1. VERWELKOMING

Verwelkom almal. Maak seker dat almal tuis is, mekaar ken en ontspanne voel.

2. LOPRYSING EN AANBIDDING

Spandeer sowat vyf tot tien minute hieraan. Onthou, net iemand wat werklik self pas aangeraak is deur 'n kool van God se altaar af, kan ander aansteek met Sy vuur.

3. TYD VIR GEESTELIKE OPBOU

Breek die ys deur elkeen toe te laat om op 'n stukkie papier eerlik op die volgende vrae persoonlik te antwoord:

Is die volgende stellings WAAR, ONWAAR OF ONSEKER in jou lewe? (Afkortings: O, W, ?)

As iemand my komplimenteer, voel ek goed.

As ek regtig ge-"flop" het, voel ek ek beteken niks nie.

Wanneer ek iets suksesvol afgehandel het, voel ek belangrik in mense se oë.

Om vir die Here te werk, laat my belangrik voel.

My dominee beskou my as 'n belangrike mens as ek leierskap aangebied word.

As ek net my tyd beter kon spandeer sou ek voel ek beteken meer vir mense.

As ek net soveel geld het om te spandeer soos die mense om my, sou ek beter oor myself gevoel het.

As ek nie lewe soos God verlang nie, beteken ek nie veel vir God nie.

BESPREKING:

Lees LUK. 10:38-42 en bespreek die volgende:

1. Met wie identifiseer jy die maklikste: Martha of Maria? Hoekom? Wat het hulle gedoen om "iets te beteken"?

2. Norm Wakefield sê: " 'n Lewenswaarde is iets wat vir jou belangrik genoeg is om aan ander te ontbloot in die keuses wat jy daagliks maak".

As dit waar is, watter waardes sien ons na vore kom in Maria en Martha se optrede?

3. Kom ons dink nou na oor ons eie daaglikse keuses. Deel met mekaar wat jy meen die belangrikste ding is wat jy elke dag doen. Watter lewenswaarde word daardeur in jou lewe geïllustreer? Is dit die ding in jou lewe wat jou laat voel jou lewe het sin en betekenis?

4. Dink ‘n bietjie aan drie mense uit jou eie vriendekring. Wat doen hulle wat hulle as mens belangrik laat voel? Is daar mense in hulle lewens wat hulle as mens belangrik laat voel? Wat bepaal wie hulle toelaat in hulle vriendekring?

4. TYD VIR BEDIENING EN VISIE-OORDRAG

As daar mense is wat voorbidding of bediening nodig het, bedien hulle.

Aan die voete van Jesus leer ons weer wat werklik maak dat jou lewe onder mense ‘n verskil kan maak.

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

DAG 1

Lees Luk. 10:38-42.

Dink oor die volgende: My grootste behoefte in die lewe is om te voel ek beteken iets. Al my persoonlike probleme, behalwe miskien my fisiese toestand, kan teruggevoer word na my pogings om hierdie behoefte te vervul. As ek my eiewaarde baseer op prestasies, maak ek ‘n fatale fout. My waarde is gewortel in my verhouding met my Vader.

DAG 2

Lees Luk. 10:39.

Dink na oor die volgende: My optrede is altyd die resultaat van my oortuiginge. As dit nie in harmonie is met Jesus se leringe nie, is dit omdat ek dit nie werklik aanvaar nie ... al ontken ek dit hoe sterk ook al!

DAG 3

Lees Luk. 10:42.

Dink na oor die volgende: Dit vra rou wilskrag om op ‘n wyse op te treë wat indruis teen my ware oortuiginge. Ek kan net vir ‘n kort tydjie iets voorgee wat ek nie werklik is nie. Dan keer ek weer terug na my ou gewoontes en oortuiginge.

DAG 4

Mat. 6:25-33.

Dink na oor: Ek leef altyd in geloof, sy dit geloof van enige aard. My optrede openbaar op wie of wat ek my geloof vestig. Elke keuse wat ek maak, maak ek omdat ek sekere dinge glo. Ongelukkig het ek die meeste van die dinge waarin ek glo, onbewustelik opgetel soos kieme langs die pad, sonder om vir myself behoorlik rekenskap te gee oor elke ding.

DAG 5

Lees 1 Joh. 3:1-3.

Dink na oor: Die dinge waarin jy glo is die dinge wat jy doen. Sulke oortuiginge neem ‘n lang tyd om werklik deel te word van ons sisteem. Daarom kos dit hard baklei en vasberadenheid om verkeerde oortuiginge êrens langs die pad “af te leer”. En herhaalde oefening om weer en weer te kies vir nuwe oortuiginge om dit deel van jou daaglikse “outomatiese” optrede te maak.

# SELBYEENKOMS NO 2

1. TYD VIR LOFPRYSING EN AANBIDDING

Lei jyself of iemand anders wat bekwaam is die groep in lofprysing en aanbidding in.

2. TYD VIR TERUGRAPPORT

Laat ten minste 10 minute (1 minuut maksimum per persoon) toe vir groepslede om te deel wat het hulle hierdie afgelope week van bewus geword in hulle luistertyd aan die voete van die Here.

WENK: Niks is vir die groepslewe meer frustrerend as iemand wat te veel praat nie! Wees sensitief vir hoe lank die groepslede elkeen praat. Sorg dat niemand baie langer as 'n minuut praat nie, gevolg deur 5 minute van groepsbespreking daarna.

3. TYD VIR BESPREKING

Hierdie deel van die groepsbyeenkoms duur sowat 20 minute. Spandeer naastenby ewe veel tyd aan die verskillende vrae.

3.1 As ons moet voorspel hoe dit tussen die vader en sy twee seuns, Kobus en Alfred, in die toekoms sou gaan , watter probleme sien jy kom?

(Alfred is die seun met die sterk wil wat besig is om te veg vir 'n plekkie in die son, terwyl Kobus die een is wat sy pa liewer het as die mense wat nog steeds van die ashope van die wêreld lewe.)

3.2 Met watter van die twee seuns kan jy die maklikste assosieer as jy dink aan jou eie innerlike worstelinge?

Laat elke persoon antwoord. En bespreek dan die redes vir julle keuse.

3.3 Hoe sal die vader reageer as nie een van sy seuns sy "werksaanbod" aanvaar nie? Waarom sal hy so reageer dink jy? Hoe sou jy gereageer het as jy die vader was en waarom?

4. VISIE NA BUITE

Kies een Christen uit jou oikos (mense met wie jy naastenby 60 minute per week persoonlik spandeer) wat soos Kobus voel en een wat soos Alfred voel. Jy het die keuse om hulle of net dop te hou hierdie komende week of met hulle die volgende op 'n stadium te bespreek:

Kobus het gesukkel om die kinders van Adam werklik lief te hê.

Wat is die karaktereienskappe van diegene wat God liefhet, maar nie werklik 'n passie het vir mense wat nie Christus as Verlosser en Here ken nie?

Alfred weer het probleme ondervind om sy lewe te herorganiseer rondom sy vader se waardesisteem.

Met watter soort konflikte worstel diegene wat net lewe volgens hulle eie waardesisteem, en dus hulle Vader s'n verwerp?

'n Antwoord op die volgende vrae (deur wat jy waarneem of uit so 'n gesprek met 'n "Alfred en 'n Kobus"- sou die vrae hierbo beantwoord:

Vrae oor die "Kobus"-tipe Christene:

Hoe versoen hulle God se passie vir die wêreld met hulle eie preokkupasie met persoonlike Bybelstudie en "geestelike groei"?

Hoe "verskoon hulle hulleself" in die dat hulle gemeenskap met die Vader begeer, maar tog weier om Sy aanbod te aanvaar om aan die nasate van Adam te vertel dat die Vader hulle ook wil aanneem?

Die "Kobusse" is baie keer die steunpilare in die gemeente. Hoe versoen hulle hulle betrokkenheid by die gemeente met hulle gebrek aan passie vir verlore skape wat weer "tuis kom" in die gemeente?

...Vrae oor die "Alfred"-tipe Christene:

Hoe vergelyk die hoeveelheid tyd wat hulle aan gebed en Bybelstudie spandeer met dit wat hulle aan sosiale aktiwiteite, ontspanning en hulle werk spandeer?

Begryp hulle werklik die hart van God? Ken hulle Hom goed? Het hulle 'n sterk begeerte aan 'n persoonlike liefdesverhouding met Hom elke dag?

Wat verskaf werklik genot in hulle lewe? Iemand of iets moet die "honger" in hulle lewe stil. Wat dink jy is dit?

## 5. AFSLUITING

Sluit af deur enige behoeftes van groepslede te laat bedien in die groep. Bid vir diegene wat gebed nodig het. Soek saam oplossings vir moontlike ander krisisvrae in ander se lewens, ens.

Sluit dan af met gebed.

## VIR NADENKE IN JOU STILWORD EN LUISTER-TYD

### DAG 1 WAT IS GOD SE WIL VIR ONS

Lees 2 Pet. 3:9 en dink na oor:

As God se aangenome kinders is ons vry om die besmoontlike lewenstyl te geniet. Lyk vir my dit beteken om deel te kan hê aan dit wat ons Hemelse Vader elke dag mee besig is. Hy is elke dag besig om al Adam se nasate aan te neem as Sy kinders. Daarvoor het Hy mense as Sy getuies nodig. Dit moet ons hoogste prioriteit wees om beskikbaar te wees wanneer Hy ons hiervoor wil gebruik.

### DAG 2 KAN DIT DUIDELIKER WEES?

Lees Mat. 28:18-20 en dink na oor:

God se wil is glad nie ingewikkeld of geheimsinnig nie. Sy wil is dat elke persoon op hierdie planeet die geleentheid gebied moet word om deel te word van Sy volk “aangenome kinders”. Daarom is Sy versoek aan ons baie duidelik: Ons is diegene wat hierdie boodskap moet gaan oordra. Vir die kinders van Adam is dit “Goeie Nuus”! Waarom is ons dan so bang om dit oor te vertel?

### DAG 3 WAT IS ‘N BESTUURDER/ADMINISTRATEUR?

Lees Luk. 12:42 en dink na oor:

Om die bestuurder/administrateur van al God se genadevoorraad te wees is die mees betekenisvolle lewenstyl moontlik vir jou! Jy kan dan konstant die regte hoeveelheid daarvan op die regte tyd aan elke persoon in jou lewe uitdeel. ‘n Konstante voorraad geestelike gawes word daarvoor elke dag deur die Here aan jou voorsien. Hierdie gawes word aan jou gegee om ander mee te bedien en te seën. Om daardie voorraad elke dag weg te gee maak van jou ‘n betroubare bestuurder.

### DAG 4 HOE WERK GOD DEUR MENSE?

Lees Hand. 3:1-8 en Mat. 28:18.

Ons ervaar nie God se krag in ons lewe nie omdat ons dit nie nodig het nie. Ons het nie bonatuurlike krag nodig as ons nie elke dag bestuurders is wat besig is om die regte hoeveelheid genadevoorraad op die regte tyd aan mense rondom ons uit te deel nie. Die mees betekenisvolle lewenstyl is om soos ‘n kragprop ingeprop te word en te beleef hoe God se hemelse krag en genade deur jou vloei na ander toe!

### DAG 5 DIE BESTE LEWENSSTYL MOONTLIK ...

Lees Luk. 4:18-19.

Adam se nasate soek sin in lewens wat toegewy word om mag, besittings en plesier na te jaag. Wanneer jy ontdek het dat jy God se aangenome kind is, vind jy sin daarin om bestuurder te wees van God se genadevoorraad aan mense. Dit bring baie meer geluk as enigiets anders ... en bring nuwe lewe vir mense!

# SELBYEENKOMS NO 3

1. VERWELKOMING

Maak seker dat almal tuis voel. Verwelkom in die besonder enige nuwe lede.

2. TYD VIR LOFPRYSING EN AANBIDDING

Vra iemand wat die gawe het in die groep om mense in lof en aanbidding in te lei vooraf om gereed te wees om dit te doen by julle selbyeenkoms.

Gebruik so ‘n 5 tot 7 minute hiervoor.

3. TYD VIR BESPREKING

3.1 Laat elkeen eerlik die volgende vrae vir hulleself beantwoord . Gebruik ‘n W vir Waar, ‘n O vir Onwaar, en ‘n ? vir Ek weet nie.

Aangesien my lewe betekenis het omdat ek kind van God is, is die ontwikkeling van my talente en gawes onbelangrik.

Ek geniet al die voorregte wat myne is as kind van God.

Daar is nie ‘n verskil tussen my waardes en die van my nie-Christenvriende nie.

Sommige van my nie-Christenvriende lyk vir my gelukkiger as ek.

As ek my talente en gawes nie gebruik nie, beteken ek nie soveel vir die Here nie.

God gee nie om wat ek met my talente en gawes doen nie.

Ek voel baie nader aan die Here as ek kan beleef dat Hy vir my sorg.

As God lyding in my lewe of die van my familie sou toelaat, sal ek Hom verwerp.

3.2 Laat almal kortliks terugrapporteer oor dit wat hulle hierdie week ontdek het n a v ons bespreking en Luistertyd hierdie week.

3.3 Bespreek dan die volgende:

3.3.1 Te veel kontrole verhoed mense om verantwoordelik te voel en verantwoordelikheid te neem vir die keuses wat hulle maak.

As jy dit weet, sou jy vir Alfred gehanteer het soos sy vader dit gedoen het? Waarom of waarom nie?

3.3.2 Alfred sou waarskynlik nooit verander het as sy waardes nie getoets is in die uiterste ellendes nie. Dit is baie keer eers daar waar ons op ons laaste bene staan wat ons besef dat ons waardes werklik

waarde het of nie. Dit is tragies maar tog waar ... baie van die rampe in ons lewens was die tye wat ons die meeste geleer het.

3.3.3 Dit neem omtrent vyf mislukkings om valse waardes in ons lewens om te stoot. En elkeen daarvan help ons om te begin begryp dat God se planne vir ons lewens baie meer aantreklik is as ons eie plannetjies.

4. TYD VIR VISIE-OORDRAG

4.1 Gaan in hierdie week voort om ‘n Christenvriend/-in - wat baie soos Alfred of Kobus is - dop te hou of mee te gesels n a v die volgende:

AS DIT ‘N KOBUS IS - As hulle nie hulleself vir ongelowiges gee nie, vir wie gee hulle hulleself? Vervang hulle betrokkenheid by ander met die gee van tiendes? Gee hulle met terughoudendheid of tot die laaste droesem toe? Is hulle in beheer van hulle besittings of verstaan hulle dat die Here werklik ook daaroor Here is?

Kyk ‘n bietjie na hulle vriende: Watter soort mense laat hulle toe naby hulleself? Watter soort mense het nie regtig waarde in hulle oë nie? Is daar enige ongelowiges in hulle “oikos”? Is dit doelbewus so?

Wat verskaf regtig plesier in hulle lewens? Hoe verskil dit van dit wat ‘n Alfred plesier verskaf?

AS DIT ‘N ALFRED IS - Watter rol speel geld in hulle lewens? En tyd? Is hulle versigtig hoe hulle daarmee omgaan? Of gebruik hulle dit onnadenkend?

Lewe hulle net vir vandag? Dink hulle ooit aan die toekoms? Het môre vir hulle enige betekenis?

Dit wat hulle bereik in die lewe verskaf vir hulle geweldig baie plesier. Hoe sou hulle “sukses” definieer?

Wat sê die Gees vir jou in die lig hiervan oor jouself?

5. AFSLUITING

Laat elkeen wat vrymoedigheid het, kortliks sy of haar gebedsbehoeftes vir die groep bekend maak. Bedien dan mekaar soos die Gees julle lei. En sluit af met gebed.

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE HIERDIE WEEK ...

Dag 1

Lees Luk. 15:11-32 en dink na oor die volgende:

Alfred lewe in elkeen van ons. Om selfgesentreerd te wees en myself eerder te vertrou as die Vader, is ‘n aangebore karaktertrek van alle nasate van Adam. En daarom kan ons nie anders optree en dink voordat ons nie van binne-af verander word nie. Dit wat ons hier binne is, sal mense in ons lewe sien.

Dag 2

Lees Luk. 15:12 .

Alfred herinner elkeen van ons aan die tragiese waarheid dat dit moontlik is dat ‘n mens kind kan wees van die Vader en “verlore” kan wees. “Verlore” dan in die sin van nog steeds kind van God te wees, maar verlore te wees om beskikbaar te wees vir ‘n lewe van diens. ‘n Mens hoef nie eers na ‘n “ver stad” te gaan om dit te neem wat God gegee het, sonder om ooit vir Hom iets terug te gee nie ...

Dag 3

Lees Luk. 15:13-16.

Vryheid is ‘n baie gevaarlike ding! Dit gee ruimte vir ons waardesisteem om ons na onvermydelike bestemmings te neem. Om vry te wees om keuses te maak, openbaar dinge oor onsself wat ons nooit andersins sou geweet het nie. Sonder vryheid kan ons dus nooit verder groei nie. Maar omdat ons vry is om te kies, betaal ons vir verkeerde keuses.

Dag 4

Lees Luk. 15:17-32.

Die Vader is ongelooflik! Verkeerde keuse lei nooit tot beskuldigings van Sy kant af nie. Regte keuse maak dat ons kan saam feesvier. Die seun se misbruik van die Vader se liefde vernietig nie hulle verhouding nie. Sonde in sy ergste graad wat voor God gebring word, hou nie stand voor God se genade nie!

Dag 5

Lees Luk. 15:7.

Hoekom is ons so “vlak” in ons manier van dink? As die hemele sing van vreugde as een sondaar hom bekeer, waarom gee ons so min om daarvoor? Wat gaan jy maak met die eerste nie-Christen wat jy gaan teëkom nadat jy hierdie stukkie gelees het? As jy nie gereed is om jou geloof met hom/haar te deel nie, wie gaan dan gereed wees daarvoor?

# SELBYEENKOMS NR. 4

1. VERWELKOMING

Maak seker dat almal tuis voel in die byeenkoms en mekaar ken.

As daar mense by julle is wat vir die eerste keer daar is, is dit noodsaaklik om spesiaal uit jou pad te gaan om hulle te laat deel voel van die groep.

Laat die Heilige Gees werklik vir jou lei hoe om dit te doen.

‘n Wonderlike hulpmiddel is om die 4 “Kwaker-vrae” met die hele groep weer ‘n keer te doen, naamlik:

Waar het julle gebly toe jy tussen 7 en 11 jaar oud was? Hoeveel broers en susters het jy?

Met watse voertuig het julle in daardie tyd as gesin gery?

Wie was die persoon wat die naaste aan jou in daardie tyd was?

Wanneer in jou lewe het God vir jou meer as net ‘n woord geword?

Onthou, as die Here jou lei om hierdie gedeelte te doen, wees ontspanne en moenie bekommerd wees oor die “res van die program” waarby jy dalk nie gaan uitkom nie. Onthou mense is baie belangriker as programme!

(As daar nie besoekers by julle is nie, berei hulle voor dat jy in die toekoms, as daar besoekers is, hierdie strategie gaan gebruik om mense te laat tuis voel en te help om oop te maak teenoor die groep. En moedig hulle aan om erns te maak met hulle antwoorde, veral met die vierde vraag, want dit is ‘n wonderlike geleentheid om te getuig oor die nuwe lewe wat God in Sy genade in jou lewe gegee het teenoor daardie besoekers.)

2. LOFPRYSING EN AANBIDDING

Vra vir iemand met die gawe om die sel te lei in lofprysing en aanbidding vir so 5 tot 7 minute.

3. TERUGRAPPORT

Gee sowat 10 minute altesaam vir elkeen in die groep, en vir die groep gesamentlik, om te gesels oor hulle bevindinge hierdie week n a v die opdrag vir die week.

4. BESPREKING

Laat die groep vir sowat 20 minute altesaam gesels oor die volgende:

Gee vir hulle elkeen ‘n stukkie papier - en skryfgoed vir die wat nie het nie - waarop daar vier blokkies twee-twee langs mekaar is.

Boaan blokkie 1 staan daar DINGE WAT EK DOEN. Boaan blokkie 2 daarnaas staan ...WIE IS EK. Boaan blokkie 3 staan DINGE WAT EK WIL DOEN en boaan blokkie 4 daarnaas ...WIE SAL EK DAN WEES?

4.1 Laat elkeen drie dinge neerskryf wat hy/sy oor en oor en oor doen in blokkie 1,

4.2 en laat hulle dan elkeen persoonlik probeer evalueer wat sê die feit dat hulle juis daardie dinge so oor en oor doen, oor wie hulle hier binne in hulle wese is. Laat hulle dit in blokkie 2 neerskryf.

Gee geleentheid vir elkeen om te vertel wat hulle neergeskryf het en bespreek dit ‘n bietjie.

4.3 Skryf dan in blokkie 3 drie dinge neer wat hulle graag in die toekoms meer tyd sou wou aan spandeer en sou wou doen, en wat dit oor wie hulle binne in hulle wese sal wees, sê.

Gee geleentheid vir bespreking.

4.4 Besluit dan watter een of meer van die eerste drie dinge sou jy wou deurtrek en verwyder uit jou lewenswyse.

Laat die groep dit bespreek nadat elkeen persoonlik iets hiervan met mekaar gedeel het.

5. DEEL JULLE VISIE

Die praktiese opdrag vir hierdie week is die volgende:

Kies uit jou lysie “oikos-mense” (mense met wie jy meer as 60 minute per week persoonlik spandeer) 2 toegewyde Christene wat beide “kind en kneg” van Jesus is. Gesels met hulle aan die hand van die volgende vrae om regtig iets van hulle harte te probeer verstaan.

Watter tye in hulle lewe sonder hulle af om alleen besig te wees met die Here? Maak hulle elke dag hiervoor tyd en wat doen hulle spesifiek in daardie tyd?

Beleef hierdie persoon God as ‘n werklikheid? Is daar werklik gemeenskap met God en ‘n bewustheid van Sy onmiddellike teenwoordigheid in hulle lewe?

Hoe verstaan hierdie persoon die “ewige lewe”? Maak dit ‘n verskil in wat vir hom/haar belangrik is in hierdie wêreld?

Watter rol speel rykdom en besittings in hierdie persoon se lewe? Verstaan hulle dat hulle net oikonomosse is, of is hy/sy nog steeds “eienaar van alles”?

Hoeveel ware vriendskapsverhoudinge het hierdie persoon met ongelowiges? Watter waardes reflekteer dit?

Hoe pas hierdie persoon betrokkenheid by die gemeente en bediening van die “bergies” om hulle in hulle daaglikse lewe in? Dissiplineer die persoon hom/haarself om spesiaal tyd opsy te sit vir bediening?

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE HIERDIE WEEK ...

Dag 1

Lees Mat. 10:1, 16-23 en dink na oor die volgende:

Bonatuurlike krag is ‘n geweldige verantwoordelikheid. Daarom word dit net toevertrou aan mense wat dit gaan gebruik en dan ook verantwoordelik gaan gebruik. Miskien verduidelik dit waarom ons so min van hierdie krag in medegelowiges se lewens sien. Krag se tweelingsuster is reinheid. Sommige Christene dink dit is krag wat hulle nodig het, terwyl hulle eintlik behoefte het aan ‘n nuwe soort gehoorsaamheid waarin die Here alleen die bevele gee in hulle lewe.

Dag 2

Lees Mat. 10:6-7; Jes. 53:6.

Jesus het sy dissipels na die “verlore skape” gestuur. En so wil Hy ook vir ons stuur. Dit is byna ‘n kriminele daad om self aangenome kind te wees van God en tog stil te bly oor die Vader se uitnodiging dat Hy ook hulle Sy kinders wil maak. Tog besef ‘n mens dat ons nooit met hierdie boodskap mense se lewens kan binnestap as ons nog nie ons harte oopgemaak het vir andere nie.

Dag 3

Lees Mat. 10:8-10.

Het jy mooi gekyk na wat Jesus vir sy dissipels sê om te doen, en wat om nie te doen nie? Waarom dink jy het Jesus vir hulle aangesê om God se genade te gebruik om mense se persoonlike fisiese behoeftes te bedien, eerder as om te fokus op hulle geestelike behoeftes?

Die manier om werklik ‘n persoon te bereik is om hom te begin dien. En ons diens aan mense moet gerig wees op hulle behoeftes. As God nie daardie spesifieke behoeftes van daardie individu kan vervul nie, waarom sou so ‘n persoon belangstel om deur Hom aangeneem te word? Die brug na mense se harte is nie deur woorde nie, maar deur ‘n bediening van mense se behoeftes.

Dag 4

Lees Luk. 9:1-4.

Om werklik mense se “oikos” of lewenswêreld binne te dring, neem baie langer as wat enige van ons ooit vooraf verwag. As ons dus mense probeer bedien deur net hier en daar, en af en toe te bedien, gaan ons maar bitter min blywende resultate sien. Om mense effektief te bedien, verg tyd. Want dit vra tyd vir saad wat gesaai word om te groei en ryp te word vir die oes ...

Dag 5

Lees Mat. 10:12-15.

Alle mense gaan ons nie met ope arms ontvang nie. Tog kan vrede, werklike vrede, mense se lewens binnekom met ons koms in hulle lewens. Die tragedie egter is dat ons in ons besig-wees met mense, so besig kan raak met allerlei godsdienstige aktiwiteite en met allerlei “slim dinge” wat ons vir hulle sê, sonder om werklik daardie mense met die bonatuurlike genade van God te begin bedien.

# SELBYEENKOMS NO 5

1. VERWELKOMING

As daar persone is wat vir die eerste keer saam met julle is, laat die groep eers die vier Kwakervrae gebruik om die besoekers te laat “akklimatiseer”.

2. LOFPRYSING EN AANBIDDING

Gebruik 5 tot 7 minute om die Here te loof en te aanbid.

3. TERUGRAPPORT

Gebruik 10 minute om vir elkeen geleentheid te gee om in 1 minuut terug te rapporteer oor hulle gesprek met ‘n toegewyde Seun/Dogter- Kneg in hulle vriendekring.

4. GROEPSBESPREKING

4.1 Laat die groep ‘n lysie maak van 5 geestelike probleme wat mag ontstaan in Christene se lewens wat aanmekaar net in “die Here se huis” bly, en wat nooit by uitreik en dien van “bergies” uitkom nie.

4.2 Watter intimiteit met die Vader ontwikkel in ‘n Christen se lewe as ...

‘n Mens ‘n nie-Christen-egpaar help met ‘n huweliksprobleem?

Jy kruideniersware gaan aflaai by ‘n gesin waarvan die broodwinner sy/haar werk verloor het?

Jy help om die alleenheid te verdryf van ‘n onlangs-geskeide ouer?

Jy vriende maak met jou buurman/-vrou wat nie ingeskakel is by ‘n gemeente nie?

5. VISIE-OORDRAG

Die werksopdrag vir die week is die volgende:

Kyk fyn na die lewe van ‘n Christen wat baie meer intens as jy besig is om “bergies” om hom/haar te dien. Vergelyk julle lewenstyle. Kan jy enige verskille opmerk in sy/haar verhouding met die Vader teenoor joune? Waaruit bestaan hierdie verskille?

Besef jy dat jy oor vyf jaar feitlik dieselfde mens sal wees as wat jy nou is, behalwe vir veranderinge wat gaan plaasvind a g v die mense wat jy ontmoet en die boeke of TV-programme wat jy gaan kyk of lees?

Dit kan ongelooflik baie vir jou beteken deur net jou lewe, waardes, gesindhede, en optrede te vergelyk met iemand wat vir jou ‘n “model” kan wees van die lewe van ‘n dienskneg van Jesus. Daar is altyd voor ons mense wat ‘n tree of wat verder ontwikkel is as ons op die geestelike lewenspad. En ons kan baie leer deur hulle net te begin dophou.

Ons gesindhede en lewenswaardes word beïnvloed deur die van mense om ons.

Daarom sê Dr LeRoy Ford: Gesindhede en waardes kan verander. Die man wat eers blind was het vir Jesus gesê: Ek was eers blind maar nou kan ek sien. (Joh. 9:25) En dan bedoel hy nie net dit in ‘n fisiese sin nie, maar ook geestelik.

Hoe kan my waardes en gesindhede verander? Op een van vier maniere:

1. Deur leiers en vriende wat die regte voorbeeld stel na te volg
2. Deur die goeie voorbeeld waarvan jy lees of hoor na te volg
3. Deur toe te laat dat "rolmodelle" liefdevol-konfronterend inspreek in jou lewe
4. Deur te begin identifiseer met die karaktereienskappe van ‘n dienskneg

Daarom is dit vir jou belangrik om iemand te kry wat ‘n tree of wat voor jou op die geestelike pad is en hulle lewenstyl met joune te begin vergelyk. Mag God werklik met jou in hierdie proses praat.

## 6. AFSLUITING

Bedien mekaar met die gawes van die Gees en gebed as daar behoeftes in die groep is.

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

DAG 1

Lees Joh. 16:24.

As dienskneg is deel van my pakket-voordele dat ek ‘n spesiale vriendskapsverhouding het met die Vader.

Dink ‘n bietjie na oor die woorde van Ian Thomas: “If all you want to do is what God wants to do, you can do whatever you want to do!”

DAG 2

Lees Joh. 15:15-16.

‘n Verdere voordeel is dat ek ook met Jesus vriende is.

William Barcley sê: “It is the tremendous choice that is laid out before us that we can accept or refuse partnership with Christ in the work of leading the world to God!”

Daar is nie ‘n duim in enige area van die lewe waaroor Jesus Christus nie kan sê: Dit is Myne nie!

DAG 3

Lees Joh. 15:26-27.

Ami Charmichael het die volgende geskryf oor die wonderlike vriendskapsverhouding wat ons ook het met die Heilige Gees:

O for a passionate passion for souls, o for a pity that yearns!

O for the love that loves unto death, o for the fire that burns!

O for the pure prayer - prayer that prevails, that pours itself out for the lost!

Victorious prayer in the Conqueror’s name, o for a Pentecost!

DAG 4

Lees Kol. 4:7-14.

Het jy ook mediensknegte in jou lewe met wie jy, soos Paulus, ‘n hegte verhouding het?

‘n Verdere deel van die pakket van iemand wat in diens staan van die Vader, is hierdie spesiale vriendskapsverhoudinge wat ontwikkel met medediensknegte in die koninkryk.

Pere Didon skryf hieroor as hy sê: “I do not want people who come with me under certain reservations. In battle you need soldiers who fear nothing!”

DAG 5

Lees Rom. 10:13-15 en 12:1-2.

Dr Neighbour het geskryf: “If I lie lounging in my bed, while others toil; let me starve, be never fed with heavenly manna, holy bread, while pain and sorrow o’er me spread - my life embroil.”

# SELBYEENKOMS NO 6.

1. VERWELKOMING

Verwelkom al die lede. As daar besoekers is, gebruik byvoorbeeld die vier Kwakervrae om hulle deel te laat voel van die groep.

2. LOFPRYSING EN AANBIDDING

Gebruik sowat 5-7 minute om werklik die Here saam te loof en te aanbid met sang. Laat die sel-onderleier dit lei.

3. TERUGRAPPORT

Gee vir elkeen in die groep geleentheid om terug te rapporteer oor wat die Here hierdie week deur die praktiese opdrag vir hulle geleer het. Gebruik sowat 10 minute in totaal daarvoor.

4. GROEPSBESPREKING

4.1 Gee aan elke groepslid ‘n stuk skoon papier met ‘n skryfding, as hulle nie het nie, om in 5 minute persoonlik ‘n kort karaktersketS van hulle eie lewe, soos wat hulle dit oor 3 jaar wil hê, neer te skryf.

4.2 Gee vir elkeen van hulle geleentheid om dit vir die groep voor te lees.

4.3 Bespreek dan vervolgens hoe die beginsels van oikonomos-wees, soos Jesus dit aan Sy dissipels geleer het, in hulle sketse gereflekteer word.

5. DEEL JULLE VISIE

Die praktiese opdrag die week is die volgende:

Elkeen moet in hierdie week ‘n tyd van stilword skep waarin jy oor die volgende voor die Here kan nadink:

Wanneer, en onder watter omstandighede, sal jou lewe werklik kan word soos Jesus dit vir jou geskets het?

Een van die seëninge wat baie keer mense losmaak van hulle ou manier van lewe, is wanneer hulle ophou werk of trek na ‘n ander dorp of deel van die dorp.

Baie keer is ons so verstrik in ‘n ou manier van doen en dink, dat dit byna vir ons onmoontlik voel om ‘n nuwe lewenstyl aan te leer, wat nog te praat van ons oue te verander.

In die volgende paar weke gaan ons jou help om verantwoordelikheid te aanvaar vir jou manier van lewe, en om die beginsels van oikonomos-wees oor te sit in aksie in jou lewe.

Natuurlik gaan hierdie tyd presies vir jou beteken wat jy bereid is om daar in te sit. Jy kan erns daarmee maak of dit net afskeep. God gee ons elkeen die keuse om te kies vir of teen die lewe van ‘n oikonomos.

Is jy bereid om voluit daarvoor te kies? Indien wel, skryf 12 dinge in die week neer wat jy graag sal wil beleef of wil doen in die res van jou lewe wat oor is.

Onthou, jy moet nie met een van hulle al begin het of besig wees op hierdie stadium nie!

Terwyl jy die12 dinge neerskryf, evalueer elkeen in die lig van die volgende vraag:

Hoe pas dit in by God se plan vir my lewe om oikonomos te wees?

Die volgende beginsel geld deurentyd: Jy kan enigiets doen wat jy graag wil doen, solank Vader se begeerte dat jy met mede-bergies die Goeie Nuus sal deel, prioriteit in jou lewe sal hê. As daar konflik is moet jy terug Luisterkamer toe!

## 6. AFSLUITING

Sluit af deur mekaar daar waar daar nood is, met julle Geestesgawes en met gebed te bedien.

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

Hierdie week dink ons na oor die WAARDES IN JESUS se lewe.

DAG 1

Lees Mat. 20:25-28

Om te dink dat die Koning van die Jode, die Seun van die Lewende God, na mense toe gekom het op ‘n donkie!

Dit was die wyse waarop Hy sy triomftog in die stad Jerusalem in gereël het.

Geen ander dier sou ‘n kragtiger kantaantekening kon maak oor wat Jesus gedink het oor status nie.

Sy optrede spot letterlik met die manier hoe ons as mense mekaar elke dag probeer beïndruk.

Watter uitdaging is dit nie vir ons om ons waardesisteem in pas met die van Jesus s’n te kry nie!

DAG 2

Lees Mark. 14:3-7

Kyk ons na hoe Jesus “rykdom” beoordeel het, sien ons die volgende:

Een van die absurditeite van ons dag is dat die as baie vroom en geestelik beskou word om arm te wees!

Terwyl ons Vader die rykste Persoon in die ganse heelal is!

Moet sy kinders dan outomaties aanneem dat hulle arm moet wees as Hy so ryk is?

Die waarde van rykdom lê natuurlik daarin dat dit instrument word waarmee ons ons liefde vir Christus kan wys.

‘n Mens kan natuurlik gee sonder om lief te hê, maar jy kan nooit liefhê sonder om te gee nie!

DAG 3

Lees Fil. 2:3-8

Jesus het ook oor die “reg om gelukkig te wees” gepraat in die Woord.

Baie mense maak die stelling dat hulle “die reg het om gelukkig te wees”.

‘n Mens wil vra: Maar het jy ook die reg om in ‘n paleis te woon of nooit griep te kry nie?

Dit lyk vir my dat “die reg om gelukkig te wees, nie werklik vir Jesus enige sin gemaak het nie.

Dit was vir Hom baie belangriker om Dienskneg te wees wat mense verlos deur Sy dood aan ‘n kruis.

Hoeveel mense ken jy wat wêreldbekend geword het omdat hulle gekies het om gelukkig te wees?

Geluk is altyd ‘n byproduk, nie waar nie, en nooit ‘n reg nie!

DAG 4

Lees Joh. 11:25-26

Hoe het Jesus "lewe" beskou?

H S Vigeveno skryf hieroor die volgende:

"All who have not run away from death but have stared it in the face, who know life through Christ and have honestly searched out the meaningof this earthly existence, can live above fear."

DAG 5

Lees Mat. 9:36-38

Watter waarde het Jesus aan die kinders van Adam, die "bergies" om ons geheg?

Dit is baie betekenisvol dat Jesus van "bergies" gepraat het as "skape wat verlore is" en as "oes".

Iemand het gesê om een mens per geleentheid te bedien, is die beste metode om die wêreld betyds te bereik.

'N GEDAGTE VIR DIE WEEK

"To love at all is to be vulnerable. Love anything, and your heart will certainly be wrung and possibly be broken. If you want to make sure of keeping it intact, you must give your heart to no one. Wrap it carefully round with hobbies and little luxuries; avoid all entanglements; lock it safe in the casket or coffin of your selfishness. And in that casket of selfishness your heart begins to change. It becomes hard, unbreakable, unredeemable. The only place outside Heaven where you can be perfectly safe from all dangers of love is Hell."

C S Lewis, "The Four Loves".

# SELBYEENKOMS NO 7

1.VERWELKOMING

Maak seker dat almal ontspanne en rustig is. As daar groepslede is wat duidelik gespanne of ontsteld is, gebruik die tyd van lofprysing en aanbidding om hulle werklik te bedien.

2. TYD VIR LOFPRYSING EN AANBIDDING

Gee vir jou onderleier die geleentheid om hierdie gedeelte te lei soos die Here hom/haar gelei het om te doen.

Maar sê dit lank voor die tyd vir hom/haar sodat hy/sy behoorlik kan voorberei in die teenwoordigheid van die Here hiervoor.

3. TYD VIR TERUGRAPPORT

Gee vir elkeen maksimum een minuut om terug te rapporteer wat die Here hierdie week aan hom/haar geopenbaar het oor die opdrag van verlede week.

4. TYD VIR OPBOU

Laat elkeen in die groep een van die onderstaande rolle speel. Vra wie in die groep dra die nuutste paar sokkies of kouse, en gee vir daardie persoon die eerste rol om te speel; die res van die name word kloksgewys uitgedeel.

Johannes die Doper

Moses toe hy nog "iemand" was

Dorkas (Hand. 9:36-40)

Saulus van Tarsus

Matteus die onbekeerde tollenaar

Laat die groep vir sowat 5 minute met mekaar saam kuier in hulle rolle.

Gesels dan oor die volgende vrae:

4.1 Watter kontras is daar tussen die "oikonomos-figure" en die "bergies" in hierdie rollespel?

4.2 Wat is die karaktereienskappe van 'n bergie wat nog "iemand" wil wees?

5. DEEL JULLE VISIE

Neem jou lysie van 12 dinge wat jy verlede week vir jouself opgestel het. Kies nou een van hierdie 12 dinge om eerste te realiseer in jou lewe.

Vertel die groep watter een sal jy kies en watter eerste treë gaan jy hierdie week gee om dit waar te maak.

Onthou die spreekwoord lui: Happy are those who dream dreams ... and are willing to pay the price to make them come true!

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

Hierdie week gaan ons oor MAAK JOU DROME WAAR nadink voor die Here.

DAG 1

Lees Joh. 10:10.

Jou opdrag hierdie week is om een van jou drome/doelwitte waar te begin maak.

Terwyl jy hierdie vers oordink in die teenwoordigheid van die Here, watter strategie gee die Here vir jou om dit te doen?

Calvin Coolidge skryf: "It is hard to see how a great man can be a atheist. Doubters do not achieve. Skeptics do not contribute. Cynics do not create. Faith is the great motive power and no man realizes his full possibilities unless he has the deep conviction that life is eternally important and that his work, well done, is a part of an unending plan."

DAG 2

Lees Joh. 9:4

Is daar iets in hierdie vers wat jou dring om jou drome te aktualiseer?

Samuel Johnson het hierdie vers in Grieks oor sy horlosie geskryf toe hy begin werk het aan 'n woordeboek oor die Engelse taal. Daarna het hy gebid: "Oh, God, Who has hiterto supported me, enable me to proceed in this labour ... that when I shall render up, at the last day, an account of the talent committed to me, I may receive pardon, for the sake of Jesus Christ. Amen."

DAG 3

Lees Gen. 13:15-18

In 'n sin was Abraham in sy luisterkamer in hierdie gedeelte.

Iemand het gesê geloof is om iets te glo omdat dit nog nie so is nie. Omdat jy glo dat jou God dinge gaan verander of laat gebeur, wat dit gaan maak gebeur.

DAG 4

Lees Gen. 15:1-6

Sê vir my, het jy die doelwitte in jou lewe van God self gekry?

Iemand sê in Engels: "If God has a gigantic task to perform, faith gets the contract!"

DAG 5

Lees Num. 13:31; 14:6-9

‘n Groot stuk van geloof lê in ‘n manier van kyk na dinge. Geloof maak dat ons dinge anders sien as die meeste “realistiese mense” om ons.

Besef jy dat jy dalk nog nooit God werklik gesien die onmoontlike doen in jou lewe nie, omdat jy nog nooit die onmoontlike geprobeer doen het nie!

‘N GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die leuse van ‘n ware dienskneg is:

1. God se wil is my besigheid.
2. Dit is God se besigheid om vir my te sorg.
3. Daarom hoef ek my oor niks te bekommer nie.

# SELBYEENKOMS NO. 8

1. VERWELKOMING

Sorg dat almal gemaklik en tuis voel en mekaar se oë kan sien.

2. LOFPRYSING EN AANBIDDING

Gee iemand in die groep vooraf betyds kennis om die lofprysing- en aanbidding-gedeelte te lei. Help die groep fokus op 'n lewende Here wat in ons midde is deur Sy Gees.

3. TERUGRAPPORT

Gebruik 10 minute om vir elkeen geleentheid te gee om 'n bietjie terug te rapporteer oor wat hy/sy in die Luisterkamer gehoor het van die Here rondom die realisering van 'n spesifieke droom wat hulle het vir die volgende drie jaar.

4. BESPREKING

Lees Eks. 2:15-25 hardop vir die groep en bespreek dan die volgende vir sowat 25 minute:

4.1 Watter soort aktiwiteite het Moses se lewe gevul in hierdie tyd in sy lewe? Was daar fout met enige van hulle? Hoe vergelyk dit met dit waarmee ons tans besig is?

4.2 Terwyl Moses sy eie lewe gelewe het, wat het die Israeliete in hierdie tyd belewe? Was daar enige empatie by Moses? Hoe sou jy dit beleef het as jy Moses was?

4.3 In watter mate kan ons Moses verantwoordelikheid hou vir die volk se lyding gedurende die veertig jaar wat hy na die woestyn toe onttrek het, terwyl hy immers geweet het dat sy taak was om hulle te bevry? Het ons enige verantwoordelikheid teenoor diegene in slawerny rondom ons?

4.4 Wat kan ons doen om te verhoed dat die groei van die Christendom agterraak teenoor die groei in die wêreld se bevolking?

5. DEEL ONS VISIE

Jou opdrag die tydjie wat voorlê is die volgende:

Maak 'n lysie van al jou naby-familie en vriende en merk diegene wat nie Jesus as Verlosser en Here ken nie.

Gebruik jou luisterkamer-tyd om hulle uiteinde biddend te bedink.

Vra jouself af waar gaan hierdie persoon oor vyf jaar van nou af land as hy/sy so aanhou lewe?... En oor vyftig jaar? En in die ewigheid?

Bedink verder of daar enige moontlikheid is dat iemand met 'n oikonomos-hart hulle paaie kan kruis ... behalwe jy?

Watter verantwoordelikheid voel jy teenoor hulle?

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

Hierdie week gaan ons oor MOSES SE ROEPING nadink voor die Here.

DAG 1

Lees Eks. 3:1-10

Elke keer as daar ‘n ontmoeting is tussen God en mens, sit daar iets baie persoonlik en baie uniek in die gebeure. Toe Hy en Moses mekaar ontmoet het was dit deur ‘n brandende braambos; en vir Paulus ontmoet Hy in ‘n helder lig; ander kan weer getuig dat hulle Hom hoor praat het in ‘n sagte stem.

Het jy Hom al werklik so persoonlik êrens ontmoet in jou lewe? Indien wel, onthou dat die detail van die ontmoetingsgebeure nie naastenby so belangrik is as die opdrag wat jy ontvang het nie!

DAG 2

Lees Eks. 3:11-12

Kyk jy ook heel eerste na jou onvermoë as God vir jou vra om iets te doen?

Waarom dink jy doen ons dit?

Iemand het treffend gesê: “Nobody don’t give up being nobodies without a fight!”

DAG 3

Lees Eks. 3:13-22

Nog ‘n “vrot verskoning” noem iemand hierdie gedeelte.

Watter verskonings gebruik jy dikwels?

En gewoonlik herinner God ons aan sy Naam “Jahwe” in sulke tye, wat iets soos die volgende beteken: “Ek sal alles wees wat nodig is in elke situasie”!

Miskien ervaar jy ‘n stuk opgewondenheid oor God se planne vir jou lewe. Maar die pad daarheen gee dalk vir jou koue rillings!

Dan moet jy onthou dat ‘n oikonomos daagliks moet leer om die Meester 100% te vertrou, en nie telkens langs die pad wil kop uittrek nie. Jou Meester se plan vir jou is oorvloedige lewe, en elke ding buig Hy sodat dit vir jou die beste uitdraai. Hy weet presies waarmee Hy besig is, en sal dit klaarmaak waarmee Hy in jou lewe begin het.

DAG 4

Lees Eks. 4:1-9

Nog ‘n verskoning!

Elkeen aan wie God sy wil geopenbaar het om hulle te gebruik, kan verwag dat God daarmee saam alles gee wat jy nodig gaan hê om dit te doen. Maar daardie krag is net beskikbaar as jy dit eers nodig het, en nie om soos bagasie die hele pad saam te dra nie.

God se krag en genade is altyd daar in tye van nood en altyd betyds, al voel dit vir ons soms asof dit byna te laat was!

Baie van ons het nog nooit God se werklike krag in ons eie lewens ervaar nie omdat ons onsself nog nooit in die geloof en in gehoorsaamheid begewe het in situasies waar ons dit nodig het nie.

DAG 5

Lees Eks. 4:10-12; Hand. 7:22

Kan jy glo, nog 'n verskoning!

Eintlik verkleineer ons God as ons onsself as minderwaardig ag! Dit is mos om vir God in sy gesig te sê dat jy dink Hy het gemors gemaak toe Hy jou gemaak het!

'N GEDAGTE VIR HIERDIE WEEK

Hierdie week is die kritiese week in ons besig-wees voor die Here. Die ervaring het geleer dat baie mense voel hulle wil hier uit die "bus" klim!

Sien, elkeen moet hier 'n keuse maak: Is ek bereid om net oikonomos te wees of nie? Soos die ryk jongman moet jy besluit of jy Hom gaan volg of bedroef gaan wegdraai.

En omdat dit so 'n lewensbelangrike keuse is om te maak, moet jy jouself herinner daaraan dat toe die ryk jongman daar weggestap het, het hy net dit wat hy as waardevol geag het, in sy sakke gehad. En hy sou nooit weet wat hy in die proses misgeloop het omdat hy nie kans gesien het om Jesus te volg nie.

Dink net aan die ongelooflike wins aan "oorvloedige, onverderflike rykdom" wat hy misgeloop het!

Jy het reeds so ver op hierdie pad saam met die Here gestap. Wil jy nou omdraai, of uitklim? Is jy regtig tevrede met dit wat jy reeds het? Of is daar ook in jou hierdie "honger" na alles wat God kan gee?

Gaan lees dan wat daar in Heb. 11:25-26 staan.

# SELBYEENKOMS NR 9

## 1. VERWELKOM ALMAL

Sorg dat almal tuis voel en mekaar se oë kan sien.

As daar mense is wat vir die eerste keer by julle is, laat die Gees jou lei hoe om hulle werklik tuis te laat voel. As dit nodig is om die vier Kwakervrae te gebruik, voel vry om dit te doen.

## 2. TYD VIR LOFPRYSING EN AANBIDDING

Beweeg in die direkte teenwoordigheid van die Here in deur lofprysing en aanbidding.

Gee tyd vir een of twee gebede. Skep ook hier geleentheid as daar dalk iemand is wat beleef dat die Here hulle wil gebruik om die groep of iemand in die groep te bedien.

## 3. TERUGRAPPORT

Gebruik sowat tien minute vir ‘n bietjie terugrapporteer oor wat die Here die afgelope tyd vir elkeen gesê het oor dit waarmee ons tans besig is.

## 4. BESPREKING

Gee vir elkeen ‘n skoon vel papier en ‘n skryfding en laat hulle hulleself evalueer in die lig van die volgende vrae deur op elke vraag vir hulleself ‘n punt toe te ken tussen 1 en 10 ( 10 dui aan dat dit volkome waar is van jou lewe en 1 dui aan dat dit glad nie waar is in jou lewe nie).

Ek bestee meeste van my tyd om my eie behoeftes te bevredig en my eie ding te doen

Ek twyfel baie aan myself, en voel skaam en selfbewus

Ek eksperimenteer baie selde om dinge op ‘n nuwe manier te doen

Ek is baie opstandig as ander my lewe probeer beheer. Ook as God dit doen!

Ek is baie tevrede oor my vermoë om struikelblokke te oorkom

Ek het ideale in my lewe wat alles in my lewe affekteer

Bespreek dan die volgende:

4.1 Veroorsaak bogenoemde karaktereienskappe dalk dat ons baie keer “Nee” of “Wat daarvan?” sê vir dinge?

4.2 Dink jy dit is goed vir ‘n dienaar van die Here om “Nee” te kan sê? Waarom sê jy so?

4.3 Wat kan ons doen om negatiewe karaktereienskappe in ons lewe te verander?

4.4 Lees Rom. 12:1-2 hardop vir die groep. Probeer dan dit wat hier staan negatief oor te sê. Bespreek dan die implikasies van hierdie twee verse prakties vir julle lewens.

## 5. OPDRAG VIR DIE WEEK

Kry vir jou iemand in die groep of in die gemeente met wie jy die materiaal wat uitgedeel is op 'n weeklikse basis vir 5 weke 'n halfuur elke week kan bespreek.

Onthou op hierdie wyse kan jy iemand anders in die Naam van jou Here begin dien.

## 6. AFSLUITING

Sluit af met gebed.

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

Hierdie week gaan ons oor MOSES AS DIENAAR VAN DIE LEWENDE GOD nadink voor die Here.

DAG 1

Lees Hand. 3:1-3

Hier sien ons iemand in nood soos gewoonlik na mense wat oppad is om te gaan aanbid, gaan met sy nood.

Al wat hy in die verlede gekry het by hulle was geld of brood. Want dit was al wat hulle gehad het om te gee! Hulle het dalk selfs die beste gegee wat hulle gehad het ... maar dit het nie hierdie man se werklik behoefte aangespreek nie, naamlik dat hy nie kan loop nie, en daarom ook nie kan werk nie!

Daarom het hy mettertyd gewoond geraak om met silwer en goud tevrede te wees. Want wie sou nou eintlik vir hom meer kon gee!

Hoeveel wêreldlinge het opgehou vra wat hulle werklik nodig het, omdat die kerkgangers skynbaar magteloos is om werklik te gee wat hulle nodig het!

DAG 2

Lees Eks. 4:1-7

Daar by die brandende braambos het Moses die lewende God se teenwoordigheid en krag in sy eie lewe beleef.

Kan jy van so ‘n ervaring in jou lewe getuig?

Die afgelope tagtig jaar wat verby was in Moses se lewe was hy van geen groter mag in sy lewe bewus as sy eie krag en mag nie. God het geweet hy kon nie Farao aandurf sonder ‘n persoonlike ervaring van die krag van die lewende God nie.

Ook ons het nodig om die lewende God van aangesig tot aangesig te ontmoet in ons lewe ... en om bewus te word van Sy groot krag. ‘n Mens kan nie ‘n idee vorm van hoe groot Sy krag is as jy dit nie self in jou lewe al beleef het nie!

DAG 3

Lees Hand. 3:3-8

Toe Petrus daardie lam man se hand vat en hom optrek, het die krag van die lewende God sy voete en bene sterk laat word en hom laat opstaan en loop.

Glo jy werklik dat God vandag nog sulke wonders laat gebeur?

In Nasaret kon Jesus nie magtige wonders as gevolg van die ongeloof van die inwoners doen nie. In sekere gemeentes dwarsoor die wêreld sien gelowiges gereeld die krag van God wat mense bonatuurlik aanraak. Terwyl ander gelowiges nooit die wonderwerke van God met hulle eie oë - selfs in die midde van die gemeente - gesien het nie!

Is dit dalk as gevolg van ‘n stuk ongeloof dat ons nie bereid is om sulke wonders van God te verwag nie?!

DAG 4

Lees Hand. 3:9-11 en 4:4

Is dit nie eintlik ironies om te lees dat die aanbidders "verbaas" was om hierdie wonderwerk te sien gebeur nie! 'n Mens verwag dat hulle immers al iets van die krag van die lewende God in hulle eie lewens êrens langs die pad moes beleef het.

Dit is natuurlik waar dat God nie wonders oral sommer net rondstrooi nie. Elke wonder is 'n sigbare teken van Sy teenwoordigheid onder ons en Sy krag.

Maar die gebrek aan Sy wonderwerke onder mense is doodgewoon die resultaat van ongeloof, niks anders nie. God bly immers gister, vandag en vir ewig dieselfde.

DAG 5

Lees Markus 9:17-24

Hoeveel aksies en programme in die kerk is in wese niks anders as ontvlugting nie! Omdat ons maar te bewus is van ons skynbare "kragteloosheid" om mense se ware nood te bedien.

Dit is mos moeilik om tussen siekes en mense vol pyn in te beweeg as jy blykbaar nie hulle werklik kan help nie.

So baie van dit waarmee ons as gemeentes besig is, kan ons doen sonder die bonatuurlike krag van God.

Dit het tyd geword dat ons besef dat as God se besigheid ons besigheid geword het, ons ook God se krag daarmee saam ontvang het!

'N GEDAGTE VIR HIERDIE WEEK

As ons dink aan 'n stoomtrein, dan weet ons hoe hoër die stoomdruk in daardie trein kan opbou, hoe meer krag het daardie trein teen bulte en om swaar vrag te kan trek.

Dit is ook waar in die geestelike realm. Hoe groter die druk in ons lewe, hoe meer besef ons ons eie hulpeloosheid. Dit maak ons meer steun op die lewende God en "oop" om Sy krag te ontvang.

Daar waar ons bo ons eie vermoë gedruk word, word ons nader aan die Een gedruk wat sterk is as ons swak is ... wat kan doen ver bo wat ons dink of weet.

Dit het Walter B Knight die volgende laat skryf:

Pressed out of measure and pressed to all length,

Pressed so intensely it seems beyond strength;

Pressed in the body and pressed in the soul,

Pressed in the mind till the dark surges roll;

Pressure on pressure, till life nearly ends;

Pressed into loving the staff and the rod,

Pressed into knowing no helper but God;

Pressed into liberty where nothing clings,

Pressed into faith for impossible things;

Pressed into living a life in the Lord,

Pressed into living a Christ-life outpoured!

# SELBYEENKOMS NR 10

## 1. VERWELKOM ALMAL

Sorg dat almal tuis voel en mekaar se oë kan sien.

As daar mense is wat vir die eerste keer by julle is, laat die Gees jou lei hoe om hulle werklik tuis te laat voel. As dit nodig is om die vier Kwakervrae te gebruik, voel vry om dit te doen.

## 2. TYD VIR LOFPRYSING EN AANBIDDING

Beweeg in die direkte teenwoordigheid van die Here in deur lofprysing en aanbidding.

Gee tyd vir een of twee gebede. Skep ook hier geleentheid as daar dalk iemand is wat beleef dat die Here hulle wil gebruik om die groep of iemand in die groep te bedien.

## 3. TERUGRAPPORT

Gebruik sowat tien minute vir 'n bietjie terugrapporteer oor wat die Here die afgelope tyd vir elkeen gesê het oor dit waarmee ons tans besig is.

## 4. BESPREKING

4.1 Laat elke persoon vertel wat hierdie 10 weke in sy of haar lewe beteken het. Hoe het dit nuwe rigting vir jou lewe vorentoe gegee?

4.2 Wat gaan jy doen om jou te help om nie weer in ou gewoontes te verval nie?

4.3 Hoe kan ons ander in die gemeente, wat nie so intens hierdie Nuwe Lewenswaardes-ervaring meegedoen het nie, help om ook dit te beleef?

4.4 As jy die ander in die groep nou met 'n seën uit die hemel moet bedien, wat sal jy met iemand in die groep graag wil deel?

## 5. OPDRAG VIR DIE WEEK

"Commit" jou self tot 'n lewe van diens deur doelbewus uit te reik die week na mense wat werklik vir Christus nodig het.

Gaan lees net weer Mat. 28:18-20 en 1 Kor. 3:10-16 by die huis.

## 6. AFSLUITING

Sluit af met gebed.

VIR JOU LUISTERTYD VOOR DIE HERE

Hierdie week gaan ons konsentreer op my lewe as priester.

DAG 1

Lees Open. 1:5-6.

As priester verteenwoordig ons God by mense, en mense by God.

En as ‘n mens so daaroor dink, is daar geen wonderliker bediening as om God se verteenwoordiger tussen die kinders van Adam te wees nie.

Jy is ook nie sommer net priester nie. Jy is priesterkoning, want jy is immers kind van die Koning! En as kind het jy gekies om ook dienskneg, oikonomos te word. En dit maak jou priester.

DAG 2

Lees Rom. 9:1-3 en 10:1

Sien jy die priesterlike bewoënheid van Paulus raak in hierdie gedeelte oor Israel se verlossing?

Daarom kan ‘n mens Rom. 10:1 beskryf as ‘n “priesterlike gebed”.

‘n Priesterlike gebed beteken doodgewoon om tussen sondige mense en die heilige God te gaan staan met ‘n gebroke hart. Voorbidding vir ander is ‘n allesoorheersende opdrag.

Om werklik in ‘n gebedsbyeenkoms te wees waar elke persoon priester is, en elke gebed priesterlike intree vir ander is, is ‘n onvergeetlike ervaring!

DAG 3

Lees Heb. 13:15

Barkley het eenmaal geskryf: “When a man offered a sin-offering he was trying to get something out of God, forgiveness for his sins, while a thank-offering was the unconditional offering of a grateful heart.”

Hy het ook geskryf: “The Christian can always offer to the world and to God a life that is never ashamed to show whose it is and whom it serves. Never to be ashamed of the Gospel of Jesus Christ is also an offering.”

DAG 4

Lees Heb. 13:16 en 1 Tess. 2:8

Hierdie twee verse help ons begryp dat dit belangrik is om een of ander meganisme in ons lewe en die gemeentelewe te skep waarmee ons effektief mense kan begin bedien waar hulle dit nodig het.

Dit is ook deel van priester-wees. Daar kan ons dan werklik as priesters begin bid vir die mense met wie ons besig is, en tot diens wees as priesters.

Natuurlik sal so 'n ervaring nie net die mense wie jy dien se lewens verander nie, dit sal ook jou lewe verander!

DAG 5

Lees  Open. 5:9,10 en 20:6

Jy is nou ...nou 'n priester van God, en jy sal vir die res van jou lewe een bly! Mag jou toerusting as priester werklik 'n ryk en blywende ervaring wees! Die jaar van toerusting in hierdie gemeente en diensgeleenthede wat daaruit voortvloei is so gestruktureer om jou te begelei in 'n lewe van Christus-diens.